*'N OPVOEDKUNDIG-SIELKUNDIGE ONDERSOEK NA KINDERS SE PERSEPSIE VAN DIE HUWELIK*

**deur**

**GEZINA WILHELMINA ENGELBRECHT**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER EDUCATIONIS – MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF H E ROETS**

**NOVEMBER 2002**

## VERKLARING

Ek, Gezina Wilhelmina Engelbrecht, verklaar hiermee dat ***'n Opvoedkundig-sielkundige ondersoek na kinders se persepsie van die huwelik*** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

**Gezina Wilhelmina Engelbrecht**

November 2002

## DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my dank en opregte waardering aan die volgende persone:

- My Hemelse Vader, Wie se troue liefde ek daagliks in my lewe ervaar.

- My lewensmaat en vriend, Pieter, vir sy liefdevolle ondersteuning en aanmoediging, sonder wie ek nooit hierdie studie kon aanpak nie.

- My kinders, Carla-Mè en Jardo deur wie se ogies ek elke dag iets nuuts ontdek.

- My pa wat my van jongs af aangespoor het om met arendsvlerke te vlieg en nooit 'n droom te laat vaar nie. My ma en broers vir hulle onwrikbare vertroue in my.

- Prof. H.E. Roets, my studieleier en mentor, vir haar leiding, hulp en die kosbare insette in my lewe.

- Sonja en Margaret vir al hul hulp en ondersteuning.

***'n Opvoedkundig-sielkundige ondersoek na kinders se persepsie van die huwelik***

deur

Gezina Wilhelmina Engelbrecht

| | | |
|---|---|---|
| **Graad** | **:** | **Magister Educationis (met spesialisering in Voorligting)** |
| **Vak** | **:** | **Sielkundige Opvoedkunde** |
| **Studieleier** | **:** | **Prof H E Roets** |
| **Departement** | **:** | **Opvoedkundestudies** |

**OPSOMMING**

Aan die hand van twee literatuurstudies is die aard, oorsprong en gevolg van vroeë persepsies, die vorm van identiteite en verwysingsraamwerke asook die gevolglike ontstaan van 'n geïnternaliseerde huwelik verken.

'n Empiriese studie met behulp van 'n selfopgestelde vraelys is onderneem om die invloed van vroeë huwelikspersepsies en dus huweliksverwagting op 'n eie huwelik te ondersoek. Die navorsingsresultate toon dat kinders inderdaad aspekte van hulle ouers se huwelike (hetsy positief of negatief) internaliseer en later oordra na 'n eie huwelik. Daar blyk 'n groot ooreenkoms tussen die kommunikasie- en konflikhanteringspatrone van die gesin van herkoms en die huidige huwelike van proefpersone te wees. Dit wil dus voorkom dat alhoewel sommige proefpersone die invloed van die betrokke gesin van herkoms op hulle huwelik ontken het, daar inderdaad oordag van huwelikspatrone plaasvind.

<u>**Datum:**</u> **NOVEMBER 2002**

***A Educational Psychological research of childrens' perception of marriage***

By

Gezina Wilhelmina Engelbrecht

| | | |
|---|---|---|
| **Degree** | **:** | **Magister Educationis (with specialization in guidance and counselling)** |
| **Subject** | **:** | **Psychology of Education** |
| **Study leader** | **:** | **Prof H E Roets** |
| **Department** | **:** | **Educational Studies** |


**SUMMARY**

In the light of two literature studies, the nature, origin and consequences of early perceptions of marriage, the form of identities and frames of reference, as well as the resultant origin of an internalized marriage have been explored.

An empirical survey was undertaken, with the aid of a specially formulated questionnaire, to investigate the influence of early perceptions of marriage, and thus marriage expectations, on a person's own marriage. The research outcomes show that children do internalize aspects of their parents' marriage and transfer these to their own marriage. There seems to be an important similarity between pattern of communication and conflict management in the original family of questioned subjects and their marriage. Although some subjects have denied the influence of their original family on their marriage, there seems to be a transfer of patterns nevertheless.

**Keywords**

Deception, Conflict management, Identity, Perception, Family of origin, Disidentity, Intenalized marriage , Frames of reference, Marriage expectations, Patterns of communication

**Date:** **NOVEMBER 2002**

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING TOT DIE STUDIE


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 2 |
| 1.2 | BEWUSWORDING | 2 |
| 1.3 | LITERATUUROORSIG | 4 |
| 1.3.1 | Inleiding | 4 |
| 1.4 | LEEMTES IN DIE LITERATUUR | 9 |
| 1.5 | AFBAKENING VAN STUDIE | 9 |
| 1.6 | NAVORSINGSPROBLEEM | 10 |
| 1.7 | AANNAMES (HIPOTESES) | 10 |
| 1.8 | DOELSTELLINGS VAN DIE NAVORSING | 10 |
| 1.9 | BEGRIPSVERKLARINGE | 11 |
| 1.10 | VERDERE VERLOOP VAN STUDIE | 11 |


## HOOFSTUK 2

## LITERATUURSTUDIE:

## DIE KIND LEER WAT HY SIEN


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 15 |
| 2.2 | DIE KIND LEER WAT HY SIEN | 15 |
| 2.3 | DIE KIND ONTWIKKEL 'N VERWYSINGSRAAMWERK UIT DIT WAT HY LEER | 17 |
| 2.3.1 | Hoe Beïnvloed Genoemde "Skema" Die Wyse Waarop 'n Kind Verhoudinge Waarneem? | 18 |
| 2.3.2 | Beïnvloed Die Ouderdom Van Die Kind Die Wyse Waarop 'n Verwysingsraamwerk Vasgelê Word? | 18 |
| 2.3.3 | Kan Die Verwysingsraamwerk Verander Met Die Verloop Van Tyd? | 20 |

2.4 DIE ROL VAN DIE VERWYSINGSRAAMWERK IN AANGEPASTE OF WANAANGESPASTE GEDRAG? 21
2.5 VANUIT DIE VERWYSINGSRAAMWERK ONTWIKKEL IDENTITEITE (Bewustelik - Persepsies En Onbewustelik - Predisposisies) 22

## HOOFSTUK 3

## LITERATUURSTUDIE:

## DIE ONTSTAAN VAN 'N GEÏNTERNALISEERDE HUWELIK OP GROND VAN GEVORMDE IDENTITEITE

3.1 INLEIDING 28
3.2 DIE ONTSTAAN VAN 'N INTERNE HUWELIK SOOS GESKOEI OP SPESIFIEKE ASPEKTE VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 28
3.2.1 'n Beskrywing Van Die Gesin Van Herkoms As Komponent Van Huweliksverhouding 29
3.2.1.1 Funksies Van Die Gesin Van Herkoms 29
3.2.1.2 Die Gesin Van Herkoms As Sosialiseringsmodel Vir Die Huwelik 30
3.3 'N BESKRYWING VAN DIE SELFBEELD AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 33
3.3.1 Definisie Van Selfbeeld 33
3.3.2 Die Invloed Van Die Selfbeeld Op Die Huweliksverhouding 38
3.4 'N BESKRYWING VAN KOMMUNIKASIE AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 40
3.5 'N BESKRYWING VAN KONFLIK AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 44
3.6 DIE BESKRYWING VAN ROLVERDELING AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 46
3.7 'N BESKRYWING VAN HUWELIKSVERWAGTING AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING 47
3.8 DIE INTERNE HUWELIK 49
3.9 TEN SLOTTE 52

## HOOFSTUK 4

## BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 55 |
| 4.1.1 | Die Probleem | 55 |
| 4.1.2 | Aannames (Hipoteses) | 55 |
| 4.1.3 | Doelstellings | 56 |
| 4.2 | TIPE STUDIE | 56 |
| 4.3 | PROEFPERSONE | 57 |
| 4.4 | MEDIA | 57 |
| 4.5 | ONTWIKKELING VAN DIE VRAELYS | 69 |
| 4.5.1 | Die Doel Van Die Vraelys | 69 |
| 4.5.2 | Samestelling Van Die Vraelys En Tipe Skaal | 69 |
| 4.5.3 | Doel Van Spesifieke Vrae | 69 |
| 4.6 | MOONTLIKE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE | 70 |
| 4.7 | INTERPRETASIE VAN NAVORSINGSRESULTATE | 70 |
| 4.8 | SLOT | 71 |


## HOOFSTUK 5

## NAVORSINGSRESULTATE


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 73 |
| 5.2 | HISTORISITEIT VAN PROEFPERSONE | 73 |
| 5.3 | INTERPRETASIE EN RESULTATE VAN DIE VRAELYSTE | 73 |
| 5.4 | ALGEMENE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS | 102 |
| 5.5 | SLOT | 103 |

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | INLEIDING | 106 |
| 6.2 | BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE | 106 |
| 6.2.1 | Die Vorming Van 'n Verwysingsraamwerk | 107 |
| 6.2.2 | Die Onstaan Van 'n Geïnternaliseerde Huwelik Op Grond Van Identiteite | 108 |
| 6.3 | BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE STUDIE | 109 |
| 6.3.1 | Die Meetinstrument | 109 |
| 6.3.2 | Resultate Van Die Ondersoek | 110 |
| 6.4 | LEEMTES IN DIE STUDIE | 110 |
| 6.5 | BYDRAES VAN DIE STUDIE | 110 |
| 6.5.1 | Bydrae Tot Vakkennis | 111 |
| 6.5.2 | Bydrae Tot Die Praktyk | 111 |
| 6.6 | AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING | 111 |
| 6.7 | SLOTGEDAGTE | 112 |


# TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Verskillende Komponente Van Kinders Se Persepsies Soos Dit In Die Literatuur Na Vore Kom | 6 |
| 1.2 | Begripsverklaringe | 11 |
| 2.1 | Identiteitsvorming Binne Die Gesin Van Herkoms | 25 |
| 3.1 | Kenmerke En Gedragsmanifestasies Van Die Swak Asook Gesonde Selfbeeld | 37 |
| 4.1 | Indeling Van Vrae Ten Opsigte Van Verskillende Subskale | 70 |
| 5.1 | Bykomende Inligting: Proefpersone: 1 A en B | 74 |
| 5.2 | Bykomende Inligting: Proefpersone: 2 A en B | 76 |
| 5.3 | Bykomende Inligting: Proefpersone: 3 A en B | 78 |
| 5.4 | Bykomende Inligting: Proefpersone: 4 A en B | 80 |
| 5.5 | Bykomende Inligting: Proefpersone: 5 A en B | 82 |

5.6 Bykomende Inligting: Proefpersone: 6 A en B 84
5.7 Bykomende Inligting: Proefpersone: 7 A en B 86
5.8 Bykomende Inligting: Proefpersone: 8 A en B 88
5.9 Bykomende Inligting: Proefpersone: 9 A en B 90
5.10 Bykomende Inligting: Proefpersone: 10 A en B 92
5.11 Bykomende Inligting: Proefpersone: 11 A en B 94
5.12 Bykomende Inligting: Proefpersone: 12 A en B 96
5.13 Bykomende Inligting: Proefpersone: 13 A en B 98
5.14 Bykomende Inligting: Proefpersone: 14 A en B 100

## DIAGRAMME

1.1 Verskillende Komponente Van Kinders Se Persepsies 5
2.1 Inhoud van Hoofstuk 2 En 3 14
2.2 Dobson En Kendall Model 21
2.3 Epigenetiese Kaart Van Erikson 24
3.1 Verskillende Aspekte Van Die Selfbeeld 34
3.2 Werking Van Die Selfbeeld 39
3.3 Verskillende Vlakke Van Kommunikasie 42
3.4 Vlakke Van Kommunikasie 43
6.1 Huweliksverwagting Gegrond Op Die Gesin Van Herkoms 107

## GRAFIEKE

5.1.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 75
5.1.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 75
5.2.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 77
5.2.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 77
5.3.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 79
5.3.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 79
5.4.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 81
5.4.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 81
5.5.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 83

5.5.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 83
5.6.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 85
5.6.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 85
5.7.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 87
5.7.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 87
5.8.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 89
5.8.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 89
5.9.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 91
5.9.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 91
5.10.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 93
5.10.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 93
5.11.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 95
5.11.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 95
5.12.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 97
5.12.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 97
5.13.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 99
5.13.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 99
5.14.1 Profiel van Huwelikspare t.o.v. Selfkonsep, Kommunikasie en Konflik 101
5.14.2 Profiel van Huwelikspare t.o.v Spesifieke aspek 101
5.15 Vergelyking Van Alle Proefpersone Ten Opsigte Van Die Verskillende Aspekte 103

BIBLIOGRAFIE

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Volgens die *National Center for Health Statistics (1997)*, sowel as die *U.S.Census Bureau* het 56% van alle Amerikaanse huwelike in die skeihof geëindig. Beraamde statistiek vir die toekoms is selfs hoër. Dit is skokkend om te dink dat slegs 44% paartjies oënskynlik gelukkig getroud is; om nie eers te praat van die "ongelukkig getroud, maar nie geskei"-groep nie.

## 1.2 BEWUSWORDING

Volgens Nicol (1992:1-2) slaag 'n huwelik eers wanneer twee mense, elkeen met 'n unieke persoonlikheid, tot 'n hegte eenheid saamgesmee is. Die verskille tussen mense veroorsaak egter dat dit geensins 'n maklike proses is nie. *"As metale aan mekaar geheg moet word, word dit gesweis. Dit is dikwels 'n groot probleem om metale van verskillende soorte aan mekaar gesweis te kry. Op die oog af lyk dit miskien eenvoudig, maar as mens eers begin sweis, kom jy agter dat hulle moeilik heg omdat sekere eienskappe die samesmelting bemoeilik. Vir mense geld dit des te meer. Eers wanneer ons begin "sweis" vind ons uit hoe die metale werklik verskil."* (Nicol, 1992:1-2) Huweliksmaats verskil ten opsigte van persoonlikheid, erflikheidsfaktore, invloede van ouerhuise, die samelewing en veranderende huweliksmodelle, om maar enkele verskille te noem. (Nicol, 1992:1-2)

Jong getroude paartjies ondervind dikwels aanpassingsprobleme. Irritasies waarvan hul nouliks bewus was tydens hul "vlerksleepdae" word bedreigende krisisse in hul huwelikslewe. Nie alleen plaas die samelewing druk op die huwelik deur verwagtinge te skep ten opsigte van rolle nie, daar is boonop dikwels konflik tussen een maat se verwagtinge en die ander se gedrag. Bowendien is daar die skoonfamilie, praktiese werksverdeling in die huis, die hantering van finansies en talle ander aspekte om mee rekening te hou. Die vrou droom reeds as dogtertjie van 'n sprokiestroue met haar droomman en koester aspirasies dat hy slim, sterk en talentvol sal wees. Voorts is daar dikwels 'n verwagting by jong meisies om 'n "man soos pa" te kry. Seuns weer neem hul moeder se versorging en toegeneëndheid waar en koester heimlik die verwagting dat hy ook met 'n sorgsame vrou sal trou. Dit wil dus voorkom of die "bloudruk", gunstig of ongunstig, wat kinders van hul

ouers se rolle en huwelike waarneem, 'n integrale deel van hul verwagtinge ten opsigte van 'n eie huwelik vorm. Die kind wat dus in 'n huis grootword waar die vader die dominante figuur was, sal waarskynlik in sy/haar huwelik dieselfde aspirasies koester. Net so sal 'n kind wat voortdurende konflik tussen sy ouers waarneem, waarskynlik 'n verwagting koester dat genoemde gedrag "normaal" is, in teenstelling met 'n kind wat groot geword het in 'n ouerhuis waar daar liefdevol en koesterend teenoor huweliksmaats opgetree is. Aanpassing raak nog moeiliker wanneer beide huweliksmaats vanweë hul eie unieke opvoeding en agtergrond in verskillende rigtings beweeg. Verwagtinge van man- of vrouwees verskil. Botsende rolle en aspirasies ontstaan as gevolg van verskillende huweliksmodelle in verskillende ouerhuise.

Die volgende vrae het by die navorser ontstaan:

1. Kan die kind se persepsie van sy ouers se huwelik, asook die noodgedwonge internalisering van sekere gewaarwordinge 'n rol in die verwagtinge ten opsigte van 'n eie huwelik speel?

2. Is die ontwikkeling van die jong kind se sosiale (kommunikasie) vaardighede gebaseer op die "model" van sy ouers?

3. Watter verwagtinge koester voornemende egpare oor die huwelik?

4. Hoe lyk die ideale gesinsverhouding deur die oë van die kind?

5. Wat is die kind se persepsie ten opsigte van aspekte van die huwelik, naamlik kameraadskap, konflik, rolverdeling ensovoorts?

6. Beïnvloed die huweliksverhouding van ouers en die kind se gevolglike persepsie daarvan sy sosiale ontwikkeling en – rolle?

7. Bestaan daar 'n korrelasie tussen gesinsverhoudings en huweliksaspirasies?

8. Tot watter mate beïnvloed die konserwatiewe huwelik versus die liberale huwelik die persepsie van die kind?

9. Beïnvloed persepsies van die ouers se huwelik ook latere ouerskap?


## 1.3 LITERATUUROORSIG

### 1.3.1 Inleiding

In 'n poging om kinders se persepsie van hul ouers se huwelik te ontleed, het die navorser 'n literatuuroorsig gedoen, met die doel om verslag te lewer van wat in die literatuur gevind word, aspekte waaroor onsekerheid bestaan en om leemtes te identifiseer. Diagram 1.1 lig verskillende komponente van kinders se persepsies uit, soos dit in die literatuur na vore gekom het.

## Diagram 1.1

## Verskillende Komponente Van Kinders Se Persepsies



**Tabel 1.1**

**Verskillende Komponente Van Kinders Se Persepsies**

**Soos Dit In Die Literatuur Na Vore Kom**

| BRON: | INLIGTING BESKIKBAAR: |
|---|---|
| **1. KINDERS SE PERSEPSIE VAN DIE HUWELIK GESKOEI OP DIE HUWELIKSVERHOUDING VAN OUERS** | |
| Palmer & Gaylon (1982) | ♦ Kindertekeninge as meetinstrument vir persepsie van ouers se huweliksverhouding |
| Anderson, W.J. (1974) | ♦ Die uitdaging vir 'n suksesvolle huweliksverbintenis gebasseer op persepsie. |
| Brody, G.H. (1994) | ♦ Die invloed van huwelikskwaliteit op kinders se perspepsie van huwelike. |
| **2. KINDERS SE PERSEPSIE VAN DIE HUWELIK TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE ASPEKTE** | |
| Aquilino, W.S. (1987) | ♦ Uitdrukking van affeksie<br>♦ Spanning in die huweliksverhouding<br>♦ Huweliksmag<br>♦ Kameraadskap |
| Rodgers, S.J. (1996) | ♦ Die invloed van die moeder se werksure op huweliksgeluk asook gevolglike spanning in die huweliksverhouding. |
| Kurdek, L.A., Fine, M.A. (1993) | ♦ Kinders se persepsie ten opsigte van gesinsstrukture: warmte, konflik, permissiewe ouerskapstyl asook outoritêre ouerskapstyl. |
| Horm-Wingerd, D. M., Groves, M.M. & Nekovei, D.L. (1992) | ♦ 'n Beskrywing van kinderpersepsies ten opsigte van definisie en struktuur van ouerlike– sowel as huweliksrolle. |
| Wierson, M., Forehand, R. (1992) | ♦ Die invloed van gesinstres en konflik op kinders. |

| 3. KINDERS SE PERSEPSIE VAN DIE HUWELIK EN DIE INVLOED DAARVAN OP ONTWIKKELINGSASPEKTE VAN DIE KIND | |
|---|---|
| Jackson, S. Bijstra, J., Oostra, L. & Bosma, H. (1998) | ♦ Die invloed van kommunikasie tussen ouers en kinders asook gedeelde besluitneming op selfkonsep ontwikkeling. |
| Parish, T.S. & Necessary, J. R. (1995) | ♦ Ouerlike aksies en die invloed daarvan op die selfkonsep van hul kinders. |
| Harvey, M. & Byrd, M. (1998) | ♦ Korrelasie tussen selfkonsep-ontwikkeling en gesinsomgewing. |
| Noller, P., Seth-Smith, M., Bouma, R. & Schweitzer, R. (1992) | ♦ Funksionering van die gesin en die invloed daarvan op selfkonsep-ontwikkeling. |
| Bullock, J.R. (1991) | ♦ Die invloed van gesinsomgewing op portuurverhoudinge van kleuters. |
| Strage, A.A. (1998). | ♦ Ondersoek die persepsies van verhoudinge tussen gesinslede onderling asook ouerpraktyke en waardes se invloed op selfregulering. |
| **4. KINDERS SE PERSEPSIE VAN GESINSVERHOUDINGE** | |
| Henry, C.S. (1996) | ♦ Ondersoek na adolessente se persepsie van die gesinsisteem. Die invloed hiervan op die kind se persoonlike geluk, empatie en fantasie. |
| Goodnow, J.J. (1994) | ♦ 'n Kritiese beskouing oor die diskrepansies in siening tussen ouers en kinders ten opsigte van mislukking, disfunksie en negatiewe gesins-verhoudinge. |
| Ford, D.Y. (1994) | ♦ Die persepsie van universiteitstudente ten opsigte van "gesin". Die meerderheid definieer "gesin" gekoppel aan ouerstatus asook huwelikstatus. |
| Speicher, B. (1992) | ♦ Kinders se persepsies van gesinsstruktuur, besluitneming, waarde |

| | |
|---|---|
| | oriëntasie, interpersoonlike verhoudinge en morele oordeel. |
| Noller, P., Seth-Smith, M., Bouma, R. & Schweitzer, R. (1992) | ♦ Die invloed van gesinsfunksionering op die selfkonsep van kinders. |
| Campbell, N.B., Milling, L., Laughlin, A., Bush, E. (1993) | ♦ Persepsie van gesinsklimaat as 'n potensiële korrelasie met pre-adolessente selfmoord. |
| **5. PERSEPSIEVERSKILLE TEN OPSIGTE VAN DIE KONSERWATIEWE- VERSUS DIE LIBERALE HUWELIK** | |
| Violet, D., Garland, T.N. & Pendleton, B.F. (1986) | ♦ Liberale versus konserwatiewe huwelike en die invloed daarvan op kinders. |
| Elkind, D. (1995) | ♦ Beskryf die veranderinge in die gesin vanaf die moderne (eerste helfte van die eeu) en die postmoderne (laaste helfte) ten opsigte van sentimente, persepsies en waardes. |
| **6. MENINGSOPNAME VAN DIE BEHOEFTE AAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK** | |
| Duncan, S.F., Box, G., & Silliman, B. (1996) | ♦ Meningsopname oor 'n behoefte aan voorbereidingsprogramme vir die huwelik. |
| **7. KINDERS SE PERSEPSIE VAN HUL OUERS SE HUWELIK EN DIE INVLOED DAARVAN OP OUERSKAP LATER** | |
| Frank, S. et al. (1986) | ♦ 'n Voorspelling dat geslag, vlak van psigiese verskille, persepsies van die huweliksverhouding asook beroepsidentiteit 'n rol speel in ouers se verhouding en verwagting van hul kinders. |
| Lawson, D.M. et al. (1994). | ♦ Die invloed van "driehoeksverhoudings" tussen ouers en kind op latere intimiteit in huweliksverhoudings. |
| Cullingford, C. (1997) | ♦ Kinders se persepsie ten opsigte van |

| | |
|---|---|
| | die belangrikheid van ouers asook hul pragmatiese verhouding teenoor mekaar. |
| Wiletts-Bloom, M.C. & Nock, S. L. (1992) | ♦ Die invloed van die kind se persepsie van sy ouers se huweliksverhouding op sy eie huwelik en rol as ouer. |
| **8. DIE INVLOED VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE PERSEPSIE VAN DIE HUWELIK** | |
| Carson, D.K. & Pauly, K.M. (1990) | ♦ Die *MARRIAGE ROLE EXPECTATION INVERNTORY* asook die *FAMILY ENVIRONMENT SCALE* as meetinstrumente vir die invloed van egskeiding op gedrags- en emosionele ontwikkeling. |

## 1.4 LEEMTES IN DIE LITERATUUR

Vele studies is gedoen om die verband tussen gesinsfaktore en aspekte van kinderontwikkeling na te gaan. Daar bestaan egter min navorsing oor die verband tussen kinderpersepsies ten opsigte van die huweliksverhouding van ouers en die invloed daarvan op huweliksverwagting later.

## 1.5 AFBAKENING VAN STUDIE

As gevolg van die omvang van hierdie studie, is dit nie moontlik om alle terreine (soos uiteengesit onder 1.3) te bespreek nie, en sal die navorser slegs op die volgende fokus:

- Verwagtinge en gevoelens ten opsigte van die huwelik, gebaseer op die kind se persepsie van sy ouers se huwelik.

- Die kind se persepsie van aspekte van sy ouers se huwelik, byvoorbeeld, kommunikasie, konflikhantering, gesin van herkoms, rolverdeling ensovoorts asook die rol hiervan in die ontstaan van 'n geïnternaliseerde huwelik.

## 1.6 NAVORSINGSPROBLEEM

Uit die voorafgaande bewuswording, die oorsig oor die literatuur en die afbakening van die studie, stel die navorser haar probleem. Die probleem in vraagvorm is:

**Bestaan daar 'n verband tussen kinders se persepsie van hul ouers se huwelik en huweliksverwagting ten opsigte van 'n eie huwelik later?**

Bogenoemde probleem impliseer die volgende twee komponente:

- Wat behels kinderpersepsies ten opsigte van huwelike en wat is die implikasies hiervan vir latere huwelikstoetrede?
- Watter aanpassingsprobleme het hulle oorsprong in hierdie persepsies?

## 1.7 AANNAMES (HIPOTESES)

- Jong volwassenes skoei hul beskouing van die huwelik op die "huweliksmodel" (hetsy positief of negatief) van hul ouers.
- Ouers se huweliksverhouding het 'n invloed op huweliksverwagting van hul kinders.
- Insig ten opsigte van verwagtinge (realisties of onrealisties) van voornemende huweliksmaats is noodsaaklik ten einde huweliksaanpassing te vergemaklik.

## 1.8 DOELSTELLINGS VAN DIE NAVORSING

Die navorser gaan in die studie poog om die volgende doelstellings te bereik:

- Die eerste doelstelling van die studie is om 'n literatuurstudie te doen oor die aard, gevolg en oorsprong van vroeë persepsies.
- Die tweede doelstelling is 'n literatuurstudie oor die ontstaan van 'n geïnternaliseerde huwelik geskoei op vroeë persepsies.
- Die navorser wil derdens 'n vraelys opstel vir die diagnosering van huwelikspersepsies wat in die empiriese studie gebruik gaan word.
- Die doen van 'n empiriese studie.

## 1.9 BEGRIPSVERKLARINGE

**Tabel 1.2**

**Begripsverklaringe**

| BEGRIP | VERKLARING |
|---|---|
| ***Persepsie*** | *Die gebruik van verskeie sintuie om inligting vanuit eksterne of interne omgewings te ontvang en te verwerk. Die belangrike rol wat vorige ervaring in waarneming speel, word algemeen erken.* |
| ***Skema of verwysingsraamwerk*** | *'n Kognitiewe kaart wat as raamwerk dien vir reaksies op 'n bepaalde omgewing* |
| ***Internalisering*** | *Die proses waardeur 'n persoon sake soos houdings, waardes en menings van ander persone of van die gemeenskap deel van sy persoonlikheid maak sodat hy in die toekoms daarvolgens handel.* |
| ***Identiteit*** | *Die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep behoort, dit wil sê dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig.* |
| ***Predisposisie*** | *'n Vooropgestelde neiging van 'n persoon om in sekere omstandighede op 'n sekere wyse te handel.* |
| ***Gesin van herkoms*** | *'n Verwysing na die gesin (ouers, broers en susters) waarin 'n persoon sy/haar grootwordjare gesluit het.* |

## 1.10 VERDERE VERLOOP VAN STUDIE

Ten einde die doelstellings soos gestel in paragraaf 1.7 te bereik, gaan die studie die volgende hoofstukke bevat:

## HOOFSTUK 2

**LITERATUURSTUDIE: DIE KIND LEER WAT HY SIEN**

Hierdie hoofstuk handel oor wat die kind waarneem ten opsigte van sy ouers se huwelik en hoe dit sy verwysingsraamwerk vorm asook die vorming van identiteite voorafgaan.

## HOOFSTUK 3

**LITERATUURSTUDIE: DIE ONTSTAAN VAN 'N GEÏNTERNALISEERDE HUWELIK OP GROND VAN GEVORMDE IDENTITEITE**

Hierdie hoofstuk omvat teorie en navorsing onderliggend aan die ontstaan van 'n interne huwelik. Spesifieke aspekte van die huwelik asook die invloed daarvan op 'n huwelik word ondersoek.

## HOOFSTUK 4

**BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP**

Hierdie hoofstuk beskryf die volgende:

1. Tipe studie
2. Proefpersone gebruik in die studie
3. Media gebruik in die studie
4. Navorsingsvraelyste
5. Interpretasie van vraelyste

## HOOFSTUK 5

**NAVORSINGSRESULTATE**

Die navorsingsresultate word in hierdie hoofstuk uiteengesit en geïnterpreteer.

## HOOFSTUK 6

**SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS**

Hierdie hoofstuk is die finale samevatting van die hele studie en bevat die bevindinge, gevolgtrekkings, tekortkominge, aanbevelings en bydrae van die studie.


# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE:

# DIE KIND LEER WAT HY SIEN

**Diagram 2.1**

**Inhoud Van Hoofstuk 2 En 3**



## 2.1 INLEIDING

Van Rensburg, Landman en Bodenstein (1994:202) wys daarop dat die kind tot selfaktualisering wil kom. Op sy weg hierna is daar sprake van belewing, ervaring, kennis en gedragsuitinge. Hy wil dus sinmaak uit sy wêreld. Hy wend hom na sy opvoeders, in hierdie geval sy ouers om betekenis te gee aan sy leefwêreld.

Navorsers wat kinderontwikkeling – meer spesifiek sosiale ontwikkeling bestudeer, is dit eens dat die kind se ontwikkeling en welstand nie losstaan van sy omgewing nie. Volgens Fincham (1998:543) bestaan daar verskeie teoretiese raamwerke wat hierdie stelling bevestig. Hy beweer dat disharmoniese huwelike die oorsaak is van ontwikkelingstekorte in sekuriteitsbelewing en jeugoortredings tot gevolg het. Die sosiale leerteorie suggereer dat kinders sosiale interaksie aanleer deur na die interaksie tussen hul ouers te kyk. In ooreenstemming met die gesinsisteemteorie kan kinderontwikkeling nooit losstaande van die gesin ondersoek word nie, aldus Sameroff in Fincham (1998:545). Fincham (1998:545) beweer dat die huweliksverhouding van ouers 'n kardinale deel van 'n kind se omgewing vorm en 'n direkte invloed op die kind het. Die moontlikheid bestaan dus dat verskeie gesinsaspekte 'n direkte invloed op die kind se ontwikkeling en selfaktualisering tot gevolg kan hê.

Tydens hierdie studie sal daar gefokus word op die huweliksverhouding tussen ouers (as primêre opvoeders) ten einde te verstaan hoe die kind se verwysingsraamwerk ten opsigte van huwelike gevorm word.

## 2.2 DIE KIND LEER WAT HY SIEN

'n Ou gesegde lui: *"Children do as they see, not as they are told."* Volgens Siegel (2000:1) word dit wat kinders van hul ouers waarneem ten opsigte van hul huweliksverhouding, die bloudruk vir alle toekomstige intieme verhoudinge. Kinders is nougesette observeerders van hulle ouers se huwelike. Alhoewel hulle nie noodwendig verwoord wat hul sien nie, gaan selfs klein besonderhede van bogenoemde verhoudings selde verlore. Hierdie observasies vorm 'n permanente

deel van die verwysingsraamwerk van kinders en word geïnternaliseer tot 'n eie huwelik later.

Volgens Bandura, en Walters (1963:48) hoef kinders nie uit eerstehandse ervaring te leer alvorens gedrag vasgelê word nie. Aangesien kinders sensitief is vir hul omgewing en hulle voortdurend poog om gelukkig te wees, lê hulle vir hulself "reëls" neer om geluk te verseker. Hierdie "reëls" word neergelê op grond van dit wat hulle sien, bloot deur ander dop te hou. Genoemde navorsers beweer voorts dat kinders deur spel hul ouers in alle opsigte naboots, nie slegs ten opsigte van gedragspatrone nie, maar ook ten opsigte van aspekte soos houdings, maniere, stembuigings en gesindheid – aspekte wat nie direk aan hulle oorgedra is nie. Bogenoemde ervarings strek oor verskeie kulture heen en is dus 'n universele verskynsel. Volgens Reichard (in Bandura *et al.* 1963:49) reageer kinders so: "*do not what adults tell them to do, but rather what they see other adults do.*"

Bogenoemde bewering word gestaaf uit navorsing deur Bandura *et al.* (1963:61) in sy sosiale leerteorie. Tydens genoemde navorsingsprojek is twee groepe kinders blootgestel aan 'n kamer speelgoed met onder andere 'n groot opblaasbare "Bobo"-pop wat wieg wanneer dit geslaan word. Die eerste groep kinders het vrylik met alle speelgoed gespeel, ook met "Bobo". Voor die tweede groep kinders egter toegelaat is om met die speelgoed te speel, is 'n videoband aan hulle vertoon waarin 'n kind skerp aangespreek en verbied word om met die "Bobo"- pop te speel. Bandura het opgemerk dat die kinders vrylik met alle speelgoed speel, maar dat geen kind met die "Bobo"-pop wou speel nie, alhoewel daar geensins direk aan hulle iets in verband met die pop gekommunikeer is nie. Elkeen het besluit dat dit baie veiliger is om liewer met 'n ander speelding te speel. Dit is dus duidelik dat 'n kind sien wat hy wil sien, en nie noodwendig wat hy veronderstel is om te sien nie.

Kinders neem huweliksverhoudings tussen hul ouers op dieselfde wyse waar. Hulle leer hoe die verskillende rolverdelings binne 'n huwelik werk, watter aktiwiteite deur wie waargeneem word, hoe om te kommunikeer en hoe die algemene interaksies binne 'n huwelik voltrek word. Genoemde inligting word geïntegreer om 'n "skema" of "verwysingsraamwerk" te vorm en word die bril waardeur toekomstige verhoudinge beskou word.

## 2.3 DIE KIND ONTWIKKEL 'N VERWYSINGSRAAMWERK UIT DIT WAT HY LEER

***"It is often said that - as the twig is bent, so grown the tree – but who bent the tree?"***

**Necessary & Parish (1996:747)**

Aangesien kinders sedert geboorte inligting versamel en dit internaliseer, word 'n "skema" of verwysingsraamwerk wat die totaliteit van dit waarin hul glo en wat sinmaak reflekteer. Hierdie skema dien as basis waarvolgens alle nuwe inligting geïnterpreteer en binne verband geplaas word.

Piaget in Rosen, (1985:15) bewys deur navorsing dat mense op inligting fokus wat hul houdings (verwysingsraamwerk) reflekteer en hul nie toespits op inligting wat nie in hul verwysingsraamwerk inpas nie. Tydens genoemde navorsingsprojek word 'n eksperiment gebruik waartydens klein kinders die waterinhoud van verskillende houers moes waarneem. Een houer was kort en dik, terwyl 'n ander houer lank en dun was. Terwyl die kinders gekyk het hoe dieselfde hoeveelheid water van die korter houer in die langer houer gegooi word, het hul steeds op die vraag: "Watter houer bevat die meeste water?" geantwoord dat dit die lang houer is. Hulle het dus inligting verkies wat by hul verwysingsraamwerk gepas het. Genoemde navorsing bewys dus dat ten spyte daarvan dat die verwysingsraamwerk of "skema" mettertyd vergroot, oorspronklike interpretasies steeds 'n invloed uitoefen op hoe dinge geïnternaliseer word.

Verskillende mense kan dus na dieselfde aspek kyk en verskillende gevolgtrekkings daaroor maak. Dobson en Kendall (1993:8) het in 'n soortgelyke eksperiment 'n glas water voor 'n groep mense neergesit. Toe proefpersone gevra is om die inhoud te beskryf, het party gesê hulle sien 'n halfvol glas, terwyl ander dit beskryf het as 'n halfleë glas. Hierdie bekende waterglas-metafoor illustreer 'n belangrike verskil in hoe mense dieselfde verskynsel waarneem. Volgens Alfred Adler (Sherman *et al.*, 1986:16) se *"Early Recollections"* – tegniek, sal persepsies uit die verlede net so 'n groot invloed hê op die wyse waarop kinders later hul lewe en

omstandighede waarneem. Meissner in Lax, Bach & Burland (1986:30) stateer dat die volgehoue internalisasie van aspekte van verhoudinge die individu se karaktertrekke vorm en sodoende sy persoonlikheidstruktuur bepaal.

### 2.3.1 Hoe Beïnvloed Genoemde "Skema" Die Wyse Waarop 'n Kind Verhoudinge Waarneem?

Volgens Sharff en Sharff (1987:102) bestaan daar vier wyses waarop kinders 'n "skema" oor gesinne en gesinsverhoudinge ontwikkel naamlik:

- Kinders moet die bestaande aspekte van hul gesinne self ontdek asof deur hulself uitgevind.
- Hierdie "ontdekking" kan gesien word as 'n totaal nuwe gedaante van die gesin, aangesien die kind dit fundamenteel vir homself hervorm.
- Hierdie hervorming vind plaas vanuit 'n beperkte vermoë om te verstaan wat hulle waarneem. Vroeë waarneming bestaan uit ervaring, sowel as konkrete en liggaamlike denke.
- Kinders se vorige ervarings word verander soos hul ouer word en word beïnvloed deur die verskillende ontwikkelingstadiums waardeur hul gaan.

Kinders kyk dus na hul ouers se verhouding, interpreteer besonderhede daarvan vanuit hul beperkte insig, internaliseer genoemde aspekte en gebruik dit as maatstaf vir eie interaksies. Die vraag of ouderdom die wyse waarop 'n verwysingsraamwerk vasgelê word, beïnvloed ontstaan nou.

### 2.3.2 Beïnvloed Die Ouderdom Van Die Kind Die Wyse Waarop 'n Verwysingsraamwerk Vasgelê Word?

Mahler en kollegas (1975) in Scharff en Scharff (1987:106) beweer dat die kind *"...probably very early perceives a special relationship of father to mother..."*

Scharff & Scharff (1987:241) sluit hierby aan deur te beweer dat 'n baba vanaf sewe tot agt maande reeds bewus van die "gesamentlike lewe" van sy ouers is.

Ann Bernstein, aangehaal deur M.F. Whiteside in Combrinck–Graham (1989:156) het in haar studies oor kinders uit stieffamilies bewus geraak daarvan dat kinders op verskillende ouderdomme die konsep "gesin" verskillend definieer en interpreteer. Volgens genoemde studies beskou die voorskoolse kind die gesin vanuit 'n selfgesentreerde raamwerk en beskou hy sy gesin as die volwassene(s) wie hom versorg. Die skoolgaande kind is meer feitelik ingestel en die gesin word beskou vanuit sy geskiedenis sowel as leefwysereëlings. Die adolessent is tot abstrakte denke instaat en verstaan aspekte soos "wedersyds"; dus word die gesin omskryf op grond van die kenmerke van verhoudings binne die gesin. Gevolglik ontwikkel kinders se vermoë om multidimensioneel oor die verhoudinge binne hul gesinne te dink, oor 'n tydperk.

Scharff en Scharff (1987:103) noem dat alhoewel die kind kognitief verouder en dus dinge in 'n meer realistiese perspektief beskou, hul steeds na hul basiese "skema" of verwysingsraamwerk terugverwys. Dit is soos wanneer 'n moeilike wiskundige probleem opgelos moet word en daar steeds terugverwys word na die basiese reëls van Algebra. So sal die kind, soos hy ouer word, nuwe situasies "herontdek" en teen 'n agtergrond van vorige ervarings ontleed.

Navorsing deur Hampson, Hyman en Beavers *et al.* (1994:61–65) bevestig eweneens hierdie stelling. Volgens hierdie navorsing beskik volwasse respondente oor onderskeidingsvermoë ten opsigte van persepsies uit die vroeë huweliksverhouding van hul ouers en word die later jare meestal meer positief ervaar. Volgens navorsing deur Robins *et. al.* (1985:41) is herinneringe vanuit die kinderjare getrou tydens die invul van vraelyste weergegee. Ook waarde-oordele van ouers is getrou weergegee. Hierdie feite bewys dus die stabiliteit van persepsies oor tyd en alhoewel baie daarvan op emosie berus, is dit feite wat nie geïgnoreer kan word nie.

### 2.3.3 Kan Die Verwysingsraamwerk Verander Met Die Verloop Van Tyd?

Daar blyk heelwat kontroversie te bestaan oor die vraag na stabiliteit in kognisie ten opsigte van verwysingsraamwerke soos gevorm tydens kinderjare.

Lewis en Owen (1995:457) het tydens 'n longitudinale studie wat oor vier jaar gestrek het, bevind dat daar 'n stabiliteit in kognisie oor tyd voorgekom het. Dit het voorts geblyk dat kognisies selfs meer positief of meer negatief gerapporteer is. Lewis en Owen beweer dat hierdie stabiliteit die gevolg is van geïnternaliseerde patrone van die verhoudings tydens kinderdae wat gevolglik die fundamentele aspekte van die kind se persepsie van homself uitmaak. Dus sal drastiese veranderings in hierdie verwysingsraamwerk nie plaasvind nie en indien wel, gering van aard en nie sonder weerstand wees nie.

Selfverslaggewingsmetodes word normaalweg gebruik om retrospektiewe indrukke van 'n individu se gesin van oorsprong te bepaal. Hierdie tellings varieer egter as gevolg van die verskil in ouderdom van die respondente Hovestadt (in Hampson *et al.* 1994:61). Om hierdie veranderlike te manipuleer, het Hampson *et al.* (1994:62) navorsing gedoen waartydens hul respondente van dieselfde ouderdom gebruik het. Respondente moes hul gesin van oorsprong op drie verskillende stadiums van hul ontwikkeling evalueer. Op grond van bogenoemde navorsing is bepaal dat beduidende verskille ten opsigte van persepsie van hul gesinsverhoudinge op verskillende ouerdomme voorkom, naamlik:

- Respondente het hul gesinne van oorsprong meer bevoeg en saamhorig ervaar tydens vroeë kinderjare.
- Tydens adolessensie is gesinsverhoudinge minder positief ervaar.
- Die "hier-en-nou"-belewing van hul gesinne is gegrond op 'n samestelling van indrukke tydens alle fases van ontwikkeling.


Dit wil dus voorkom of die verwysingsraamwerk nie deur nuwe inligting en ervaring verander word, ongeag tydsverloop nie. Alhoewel nuwe ervarings geïnkorporeer word by bestaandes blyk dit dat die vroeë verwysingsraamwerk nie hierdeur beïnvloed word nie.

## 2.4 DIE ROL VAN DIE VERWYSINGSRAAMWERK IN AANGEPASTE OF WANAANGESPASTE GEDRAG?

Dobson en Kendall (1993:12–14) illustreer bogenoemde vraag deur middel van die volgende model:

**Diagram 2.2**

**Dobson En Kendall Model**




Hierdie model reflekteer die feit dat kognisie geassosieer kan word met emosionele reaksies en gedrag oor 'n tydperk (byvoorbeeld, kognisies kom *tydens, voor* en *na* gedragskomponente voor). Aangesien gebeure nie in 'n vakuum plaasvind nie en gedrag deur 'n verskeidenheid oorsake bepaal word, moet die model voorsiening maak vir terugvoer wat uit die verskeidenheid, sowel as die sekwensiële gedragsgebeure voortspruit. Hiervolgens sal kognisies wat ***voor*** 'n gebeurtenis gevorm word van mekaar verskil, in ooreenstemming met die uitkoms van vorige gebeurtenisse, byvoorbeeld suksesse of mislukkings. Indien kognisies herhaaldelik gevorm word as gevolg van konstantheid in die uitkoms van gebeure, sal dit tot 'n konstantheid in kognisie of verwysingsraamwerk lei.

Bandura in Dobson en Kendall (1993:13) beskryf verwagtinge of persepsie soos volg: *"Expectancies can be described as outcome expectancies and self-efficacy expectansies."* Hierdie kognisies sluit ook ander aspekte soos planne, intensies en verbintenisse in. So sal 'n algemene verwagting, geassosieer met 'n ontwikkelende lokus van kontrole in sy eenvoudige natuur, ook met konstante attribusiepatrone

ooreenstem. Hierdie algemene verwagtinge in eksterne lokus van kontrole kan *voor* sowel as *na* gebeure voorkom. Byvoorbeeld 'n persoon wat voor 'n gebeurtenis reeds 'n verwagting koester van "waarom moeite doen om te praat, niemand luister tog na my nie" sal weens sy vooropgestelde verwagting nie aan die gesprek deelneem nie. Indien dan besluite geneem word sonder sy bydrae, versterk dit sy verwagting, naamlik; "sien, die grootmonde kry altyd alles reg". Herhaaldelike gebeurtenisse en die ooreenstemmende kognisies sal derhalwe op 'n graad van konstantheid in beide gedragsuitinge sowel as denke uitloop.

Op dieselfde wyse word die huweliksverwysingsraamwerk vasgelê. Indien die kind waarneem dat dieselfde respons voortdurend ontlok word deur 'n spesifieke gebeurtenis, sal dit waarskynlik lei tot 'n konstante verwagting – hetsy positief of negatief.

Gedrag word deur hierdie "skema" of verwysingsraamwerk beïnvloed soos duidelik uit die navorsing van Byng-Hall (1980:355–364) blyk. Tydens hierdie navorsingsprojek wat intimiteit in die huwelik en in besonder afstandsregulering ondersoek het, blyk dit dat kinders dikwels die rol van afstandreguleerders in hul ouers se huwelik inneem. Hiervolgens sal die kind die intimiteit tussen sy/haar ouers "beheer" deur sy/haar gedrag. Wanneer ouers die afstand te groot laat word of waar nabyheid te eng raak, veroorsaak die kind se optrede die gewensde veranderde houding tussen ouers. Dus is daar nie slegs sprake van 'n duidelike beeld (skema of verwysingsraamwerk) waarbinne die ouers se huwelik beskou word nie, maar is die kind boonop bewus van sy/haar rol in hierdie triade. Dit wil dus voorkom asof die raamwerk waaruit 'n kind na 'n bepaalde saak kyk 'n besliste invloed uitoefen op gedragsuitinge wat daarop volg.

## 2.5 VANUIT DIE VERWYSINGSRAAMWERK ONTWIKKEL IDENTITEITE (Bewustelik - Persepsies of Onbewustelik - Predisposisies)

Identiteit kan volgens Gouws *et al.* (1979:127) beskryf word as "die gevoel van 'n persoon dat hy, ten spyte van tydsverloop en veranderinge wat daarmee gepaard gaan, dieselfde persoon bly" Genoemde definisie impliseer voorts dat die persoon

in die belangrikste opsigte homself kan vereenselwig met die groep mense byvoorbeeld 'n volk of ouderdomsgroep waarby hy hoort.


Volgens navorsing gedoen deur Snyder en Velasques (1997:191) bestaan daar 'n sterk verband tussen huweliks- asook ouerskapsrol persepsies en genoemde rolverdelings, gedrag en verwagtinge soos waargeneem in die gesin van oorsprong. Bogenoemde persepsies vorm die grondslag vir die ontwikkeling van huweliksidentiteite. Genoemde waarneminge kan bewustelik (persepsies) of onbewustelik (predisposisie) plaasvind.

Judith Butler in Fuss (1995:6-7) beweer dat identiteite nie volkome beskryf kan word nie. Sy noem voorts dat identiteite vervoermiddels vir mekaar vorm - die een ontwikkel vanuit die vorige. Volgens haar vorm persone ook "disidentiteite" wat beskryf kan word as 'n identiteit wat ontken word omdat die onbewuste dit verwerp aangesien dit eintlik reeds gemaak is maar vrees veroorsaak. So sal huweliksmaats dus identiteite (wat berus op persepsies uit die gesin van oorsprong) ontken omdat dit angs veroorsaak.

Volgens Erikson se teorie (in Louw, 1991:61) ten opsigte van identiteitsvorming ontstaan daar tydens elke ontwikkelingsfase van die kind 'n identiteitskrisis waarvolgens die kind homself volgens twee teenoorgestelde pole moet oriënteer om derhalwe in bepaalde identiteit te vorm. Elke krisis word deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing ontlok. Aan die een kant bring die rypwording van die individu mee dat hy oor nuwe behoeftes en nuwe moontlikhede beskik en aan die ander kant stel die samelewing sekere ooreenstemmende vereistes en bied sekere moontlikhede. Volgens die epigenetiese kaart van Erikson word al die ontwikkelingskrisisse weer deurloop tydens die vroeë huweliksfase (intimiteit versus isolasie) en nuwe identiteite dienooreenkomstig gevorm. (Diagram 2.3)

**Diagram 2.3**

**Epigenetiese Kaart van Erikson**



Warning *et al.* (1980:474) het tydens navorsing oor intimiteit in die huweliksverhouding tot die slotsom gekom dat identiteit 'n belangrike psigososiale determinant van intimiteit vorm.

Volgens Josselson (1987:8) vorm identiteit die brug tussen die individu en sy wêreld, naamlik dit waarvoor die individu staan en waaraan hy herken sal word. Sy beweer voorts dat adolessensie 'n kritieke periode is vir die vorming van identiteite wat feitlik alle rolle in die latere lewe beïnvloed. So sal die huweliksverhouding, werksidentiteit, ouerskap ensovoorts deur hierdie identiteite geraak word. Nie alleen word hierdie identiteite op grond van voorkeure gevorm nie, maar speel afkeure ook 'n rol in die vorming daarvan. Genoemde stelling bevestig dus Butler (in Fuss 1995:6-7) se teorie van disidentiteite.

Volgens Gerson *et al.* (1993:341–354) ontwikkel 'n persoon verskillende identiteite binne die gesin van herkoms op grond van hul norme, waardes, gelowe, verskille en konflikte wat 'n latere invloed het op sy/haar huwelik. (Sien Tabel 2.1)

**Tabel 2.1**

**Identiteitsvorming Binne Die Gesin Van Herkoms**

| **Identiteit** | **Beskrywing** |
|---|---|
| **Hanteringsidentiteit:** | Beskryf hoe iemand 'n spesifieke wyse van die hantering van angs aangeleer het ten einde die angs te verminder. |
| **Gemodeleerde identiteit:** | Beskryf aangeleerde gedrag van betekenisvolle volwassenes in sy/haar lewe. |
| **Rolidentiteit:** | Beskryf aangeleerde rolle binne die gesin van herkoms, asook die beweegredes daarvoor. |
| **Definisie-identiteit:** | Beskryf hoe gesinne realiteit definieer en die mate waarin hierdie definisies of mites aanvaar word sonder om dit te bevraagteken. |
| **Omgekeerde identiteit:** | Beskryf die aangeleerde omgekeerde identiteit wat aangeneem word in verset |

| | |
|---|---|
| | teenoor dit waarvan die persoon wil wegkom. |
| **Lojaliteit identiteit:** | Beskryf die koalisies, driehoeksverhoudinge en aspekte daarvan soos in die gesin van herkoms beleef. |

Bogenoemde identiteite ontwikkel bewustelik (persepsies) of onbewustelik (predisposisies) en beïnvloed die verhoudinge wat die persoon later aanknoop. So sal 'n kind dus waarneem wat sy/haar gesin van herkoms se hanteringsidentiteit ten opsigte van angs is asook oor watter rolidentiteit die ouer van dieselfde geslag beskik.

Navorsing deur Belskey *et al.* (Gable *et al.*, 1994:380–381) bevestig bogenoemde stelling. Hulle bevind onder meer dat daar 'n positiewe korrelasie tussen die kwaliteit van huweliksverhoudinge en die welstand van kinders bestaan. Kinders neem dus die kwaliteit van hul ouers se huweliksverhouding waar, wat weer op sy beurt die emosionele welstand van die kind bepaal.

Ten slotte wil dit dus voorkom asof kinders voortdurend besig is om identiteite te vorm op grond van hul waarnemings. Hierdie identiteite vorm die verwagtinge wat hulle koester ten opsigte van spesifieke lewensaspekte. Die onstaan van huweliksverwagting op grond van 'n geïnternaliseerde huwelik word in Hoofstuk 3 breedvoerig bespreek. Bydraend beweer Kerig, Cowan en Cowan (Gable *et al.*, 1994:380) dat minder gelukkige huwelike met minder doeltreffende ouerskap, sowel as problematiese kinderjare vereenselwig word.

# HOOFSTUK 3

# LITERATUURSTUDIE:

## DIE ONTSTAAN VAN 'N GEÏNTERNALISEERDE HUWELIK OP GROND VAN GEVORMDE IDENTITEITE

## 3.1 INLEIDING

In Hoofstuk 2 het die navorser met behulp van navorsingsbevindinge aangedui dat verskillende identiteite gevorm word deur middel van waarneming, kognisies en attribusies. In hierdie hoofstuk wil die navorser poog om huweliksidentiteite, die internalisering daarvan en gevolglik die onstaan van 'n vooropgestelde huweliksverwagting te ondersoek.

## 3.2 DIE ONTSTAAN VAN 'N INTERNE HUWELIK SOOS GESKOEI OP SPESIFIEKE ASPEKTE VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

Volgens Alpaslan (1994:19) vorm die volgende komponente deel van die huweliksverhouding:

- Die gesin van herkoms
- Selfbeeld
- Seksualiteit
- Huwelikskeuse
- Huweliksmotief
- Kommunikasie
- Konflikhantering
- Potensiële groeiruimte
- Rolverwagting
- Beroepsbeoefening
- Ouerskap
- Finansies
- Skoonouers
- Geloof

Vir die doel van hierdie studie word op die volgende aspekte gefokus:

1. Die gesin van herkoms
2. Selfbeeld
3. Kommunikasie
4. Konflik

5. Rolverwagting
6. Huweliksverwagting

Uit bogenoemde aspekte wil die navorser poog om te bewys dat genoemde eienskappe persepsies daarstel waaruit die *interne huwelik* ontwikkel en dus moontlik 'n invloed op die huweliksverhouding sal uitoefen.

### 3.2.1 'n Beskrywing Van Die Gesin Van Herkoms As Komponent Van Huweliksverhouding

Elke huweliksmaat kom vanuit 'n bepaalde gesin van herkoms en kom deur die huwelik in 'n verhouding teenoor die ander huweliksmaat te staan wat ook uit 'n bepaalde gesin en gesinsagtergrond kom.

Dit is noodsaaklik om die gesin van herkoms te verken, aangesien die kind se eerste repeteringsgeleentheid ter voorbereiding tot volwassenheid inderdaad die gesin van herkoms is. Stahman en Hiebert (in Alpaslan 1994:22) benadruk hierdie feit soos volg: *"Marital expectations, marital attitudes, and marital behaviour patterns are not born into us. We learn them from parents and family – of – origin."* Corey en Corey (1993:177) beklemtoon dat die gesin van herkoms die konteks voorsien waarin gedrag van die individu beoordeel word. Aksies deur enige individu in 'n gesin beïnvloed al die ander lede van die gesin.

Volgens Alpaslan behoort die volgende faktore oorweeg te word indien die gesin van herkoms ondersoek word;

#### 3.2.1.1 Funksies Van Die Gesin Van Herkoms

Popenoe (in Alpaslan 1994:23) wys daarop dat die gesin veral 'n ekonomiese, opvoedkundige, sosialiserende, beskermende en voortplantingsfunksie het. Betreffende die opvoeding en sosialisering is dit die gesin se taak om die kinders te leer wie hulle is, wat van hulle verwag word in die lewe en hoe hulle teenoor ander moet optree. Die reëls vir die spel van interpersoonlike verhoudinge word dus reeds hier vasgelê ook vir interpersoonlike verhoudings tussen huweliksmaats later.

### 3.2.1.2 Die Gesin Van Herkoms As Sosialiseringsmodel Vir Die Huwelik

Die dinamiek en manifestasies van die verhoudinge binne die gesin verskaf indirek 'n sosialiseringsgeleentheid vir die huwelik.

Gable *et al.* (1994:380) stateer dat die jong kind se ontwikkeling veral deur drie verhoudinge binne sy gesin van herkoms beïnvloed word, naamlik die verhouding tussen ouer en kind, tussen kinders onderling en primêr – die verhouding tussen ouers.

Aspekte wat hier 'n rol speel sluit in:

- Die verhouding met die ouers
  Hierdie gevoelens het 'n bepaalde waarde ten opsigte van die ouer van die teenoorgestelde geslag wat oordrag na die huwelik tot gevolg het. Dit is dus van diagnostiese waarde om uit te vind aan watter ouer die kind die naaste was en om watter redes.

- Die verhouding tussen die ouers
  Mace (in Alpaslan 1994:25) sê: *"'n Kind sien in sy ouers se verhouding hoe 'n man en vrou teenoor mekaar optree en dit het 'n geweldige invloed op sy eie verwagtinge. Sy ouers hou hy as modelle voor: die seun leer by sy vader hoe om 'n vrou te behandel en by sy moeder hoe 'n vrou op 'n man se optrede reageer. Die dogter leer ook by haar ouers hoe die manlike en vroulike rolle vertolk word."* Siegel (2000:9) stem hiermee saam. Volgens haar is kinders voortdurend besig om die verhouding tussen hulle ouers waar te neem en absorbeer hulle spesifieke aspekte daarvan van beide ouers. Indien hulle sekere aspekte van die verhouding positief ervaar vind positiewe identifikasie plaas. Ook wanneer aspekte negatief ervaar word en disidentifikasie plaasvind, laat dit nie die kind se verwagting onaangeraak nie. Disidentifikasie is die gedeelte van identiteitsvorming wat ontstaan op grond van afkeure en die doelbewuste besluit om nie so te wees nie.

- Die aard van opvoeding en die huislike atmosfeer

  Diagnosties kan gevra word na die huislike atmosfeer van die gesin van herkoms. Dit is insiggewend om uit te vind of dieselfde gesin van herkoms weer gekies sou word indien 'n persoon 'n keuse sou hê.

- Onvervulde behoeftes

  Indien daar onvervulde of gedeeltelik onvervulde behoeftes ontstaan het tydens die kinderjare, word identiteitsvorming ook hierdeur geraak. Volgens Wright (in Alpaslan 1994:26) kan dit behoeftes wees aan liefde, sekuriteit, aanvaarding en om te behoort.

- Kritieke gebeure in die gesin van herkoms

  Indien daar ernstige siektes, ongelukke, egskeidings, fisieke, seksuele of psigiese mishandeling plaasgevind het, is oordrag na 'n huwelik later nie uitgesluit nie.

- Posisie in gesin van herkoms

  *"Much of a child's development depends on interaction with siblings. Ultimately, children also influence their parents' lifestyle as well as those of their brothers and sisters... I have also come to realize that the ordinal position of birth exerts a profound influence upon personality development."* Forer (in Alpaslan 1994:27)

Die plek wat die persoon in sy/haar gesin van herkoms beklee, het 'n bepaalde invloed op sy gedragspatroon, karaktereienskappe om te oorleef en om uiteindelik 'n betekensvolle verhoudingsisteem te handhaaf.

Alpaslan (1994:28–29) omskryf die onderskeie geboorterang posisies soos volg:

- **Die oudste kind**

  Vanweë sy posisie in die gesin ontvang hy al die liefde en aandag en beleef dus verwerping wanneer die tweede kind gebore word. Hy word blootgestel aan 'n meer konserwatiewe opvoeding met die gevolg dat hy 'n rigiede waarde- en normstelsel en dus 'n sterk gewetensingesteldheid ontwikkel. Hy

ontvang meer verantwoordelikheid en neem dikwels 'n ouerlike rol ten opsigte van die ander kinders in. As huweliksmaat is hy geneig om te domineer en voorskriftelik op te tree. Alpaslan beweer dat dit ideaal sou wees indien 'n oudste (met 'n behoefte aan dominansie) met 'n jongste (met 'n afhanklikheidsbehoefte) trou, sodat albei bevrediging beleef.

- **Die jongste kind**

  Almal is altyd oor sy welstand bekommerd. Dit kan egter bydra tot 'n lewensingesteldheid van afhanklikheid en hulpeloosheid.

- **Die middelste kind**

  Hy beleef teenstrydigheid ten opsigte van sy plek. Enersyds voel hy minderwaardig teenoor die ouer broer of suster en terselfdertyd meerderwaardig teenoor diegene jonger as hy. Hy ontvang nooit die uitsluitelike aandag van sy ouers nie en wedywer daarom.

- **Die enigste kind**

  In die afwesigheid van ander kinders bou die enigste kind goeie selfvertroue op. Hulle blyk dominant, perfeksionisties en verbaal sterk te wees. Hulle ontvang baie aandag en word soms bederf. Hulle is egter geneig om eensaam te wees. Indien daar nie vir hulle 'n betekenisvolle sosiale netwerk geskep word nie, is hulle geneig om selfsugtig te wees en dit moeilik te vind om te deel. Dit kan 'n huwelik belemmer aangesien 'n volwasse huweliksverhouding gekenmerk word aan gee en ontvang.

Die gesin van herkoms word dus die fondament waarop 'n persepsie ten opsigte van 'n huwelik gebou word. 'n Warm, ontfermende en liefdevolle ouerhuis met gesonde, betekenisvolle verhoudings kan moonltik gelukkige huwelike voorafgaan. Op dieselfde wyse kan ervarings binne die gesin van herkoms die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê.

## 3.3 'N BESKRYWING VAN DIE SELFBEELD AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING


### 3.3.1 Definisie Van Selfbeeld

Allport (in Louw, 1991:95) stateer dat die kind reeds tydens die kinderjare 'n beeld of konsep van homself vorm. Hy word daarvan bewus dat hy sekere eienskappe het en dat hy aan sekere eise van sy ouers behoort te voldoen. Hy vorm ook wense en ideale oor hoe hy wil wees. Hy vat hierdie drie aspekte soos volg saam: *"Soos jy is, soos jy behoort te wees en soos jy graag wil wees"* Elkeen van hierdie aspekte kristalliseer uit namate die invloede en samelewingseise verander.

Gerdes (in Alpaslan, 1994:30) wys daarop dat die begrippe "selfkonsep" en "selfbeeld" sinonieme is en omskryf dit soos volg: *"The self concept is a composite image of what we think we are, what we think we can achieve, what we think others think of us and what we would like to be."* Hy beweer voorts dat die selfbeeld uit verskillende aspekte bestaan soos uiteengesit in Diagram 3.1.

## Diagram 3.1

## Verskillende Aspekte Van Die Selfbeeld




- *Die fisiese selfkonsep:* Verwys na liggaamsbeelde en sluit aspekte soos gesondheid, interne organe en prosesse, uiterlike voorkoms en lewenskrag in.

- *Die intellektuele selfkonsep:* Behels persoon se siening oor sy/haar intellektuele vermoëns en talente .

- *Die psigologiese selfkonsep verwys na:*
  - Persoonlikheidsverklarings, byvoorbeeld introversie en ekstroversie
  - Emosionele trekke, byvoorbeeld angstigheid, blymoedigheid en aggressie

- Temperamentskwaliteite, byvoorbeeld emosionaliteit en onemosionaliteit

- *Die sosiale selfkonsep: Kan omskryf word as ;* sosiale belangstelling in ander, sy betrokkenheid by ander en hulle reaksie daarop.

- *Die morele selfkonsep:* Morele selfkonsep is gefundeer in die goedkeuring van ander.

- *Die geslagtelike selfkonsep:* Die dunke van jouself, byvoorbeeld as 'n "sterk man" of 'n "mooi vrou".

- *Die ideale self:* Die karaktereienskappe wat 'n persoon graag wil besit en die tipe mens wat hy graag wil wees.

Rosenberg (in Alpaslan, 1994:33) bewys empiries dat die selfbeeld deur drie boustene gevorm word, naamlik:

**I. Gereflekteerde evaluerings**

Hiervolgens vorm die persoon 'n houding oor homself na aanleiding van ander se opinies. Indien die huweliksmaat byvoorbeeld herhaaldelik na die ander maat as dominant verwys, sal die maat later dominant optree om binne die verwysingsraamwerk van sy/haar maat te pas.

**II. Sosiale vergelyking**

Die individu vergelyk homself met ander en sy selfbeeld word gevorm na aanleiding van die vergelyking. Hierdie vergelyking kan op positiewe, negatiewe of neutrale selfgradering uitloop. So sal die vrou wat byvoorbeeld nie goed kan naaldwerk doen nie, haarself vergelyk met iemand anders wat professioneel naaldwerk doen en dan tot die slotsom kom dat sy nie 'n goeie huisvrou is nie.

**III. Selfbeoordeling**

Die persoon maak 'n voorraadopname van die suksesse en mislukkings wat hy ervaar op grond van sy vermoëns, onvermoë, verhoudings, fisiese trekke en

temperament. Indien die somtotaal 'n suksesverhaal is, word 'n positiewe selfkonsep gevorm; anders sal 'n negatiewe selfbeeld manifesteer.

Volgens Alpaslan, (1994:34) kan gedragsmanifestasies van die swak asook gesonde selfbeeld soos volg in tabelvorm saamgevat word:

**Tabel 3.1**

**Kenmerke En Gedragsmanifestasies Van Die Swak Asook Gesonde Selfbeeld**

| Swak selfbeeld | Gesonde selfbeeld |
|---|---|
| • Gebrekkige selfkennis | • Redelike tot voldoende selfkennis |
| • Swak selfaanvaarding | • Redelike tot voldoende selfaanvaarding |
| • Onvermoë tot selfopenbaring | • Vermoë en gewilligheid tot selfopenbaring |
| • Gebrekkige selfbeheersing | • Redelike tot voldoende selfbeheersing, *selfvertroue en selfhandhawing* |
| • Negatiewe selfgesprek | • Positiewe selfgesprek |
| • Onrealistiese wedywering met ander | • Gesonde, realistiese wedywering met ander |
| • Rigiede verdedigingsmeganismes | • Buigsame, aanpasbare verdedigings-meganismes |
| • Neurotiese gedrag en psigosomatiese siektes | • Sosiaal aanvaarbare gedrag en goeie gesondheid oor die algemeen |
| • Negatiewe liggaamsbeeld | • Positiewe liggaamsbeeld |
| • Negatiewe belewing van temperament | • Positiewe belewing van temperament |
| • Swak, destruktiewe kommunikasie | • Gesonde, funksionele kommunikasie |
| • Problematiese interpersoonlike verhoudings | • Goeie interpersoonlike verhoudings |
| • Onsekerheid oor godsdienstige waardes en *normes* | • Sekerheid oor godsdienstige waardes en normes |
| • Onbevredigende rolvervulling | • Bevredigende rolvervulling |
| • Onvermoë tot konflikhantering | • Vaardighede om konflik te hanteer |
| • Seksuele wanfunksionering | • Gesonde seksuele funksionering |
| • Onewewigtigheid ten opsigte van vryetydsbesteding | • Gebalanseerde vryetydsbesteding |
| • Onvermoë tot finansiële beheer | • Vermoë tot verantwoordelike finansiële bestuur |
| • Gefikseerdheid in die verlede | • Gesonde verwerking van verlede |
| • Onsekerheid in die hede | • Realistiese uitkyk en gesonde perspektief ten opsigte van die hede |
| • Vrese vir die toekoms | • Sekerheid ten opsigte van die toekoms |
| • Swak humorsin | • Goeie humorsin |
| • Swak probleemoplossingsvermoë | • Gesonde probleemoplossingsvermoë |
| • Inkongruente interpersoonlike funksionering | • Kongruente interpersoonlike funksionering |

Die veronderstelling is nie dat alle eienskappe kenmerkend van 'n persoon met 'n gesonde of swak selfbeeld is nie, maar dat die meeste van die voorgenoemde kenmerke en gedragsmanifestasies van toepassing is.

### 3.3.2 Die Invloed Van Die Selfbeeld Op Die Huweliksverhouding


Morgan in Alpaslan (1994:36) spreek hom soos volg hieroor uit: *"...the most important factor of all in determining your qualification for marriage is the way you feel about being you – the degree to which you feel comfortable in your own skin"* Volgens Alpaslan (1994:36) bestaan die selfbeeld uit 'n dinamiese en statiese komponent.

Die dinamiese komponent verwys na die gedeelte van die selfbeeld wat kan verander en het te doen met temperament, houding en gedrag. Die dinamiese komponent is verantwoordelik vir aanpassing/wanaanpassing in die huwelik en dit is noodsaaklik dat huweliksmaats mekaar goed ken ten einde die manifestasies van temperament te aanvaar, begryp en te ondersteun. Die statiese deel van die selfbeeld verwys na die aangebore en aangeleerde selfbeeld – dit wat die persoon is. Die voornemende huweliksmaats moet dus hul eie vermoëns en onvermoëns, hul ingeperktheid en grense ken en dit aanvaar – ook die van sy/haar huweliksmaat.

Diagramaties kan die werking van die selfbeeld soos volg voorgestel word in Diagram 3.2:

**Diagram 3.2**

**Werking Van Die Selfbeeld**




Combs (in Ferreira, 1992:55) vat dit soos volg saam: *"Are we influencing that self-concept in positive or negative ways? We need to ask ourselves these kinds of questions. How can a person feel liked unless somebody likes him? How can a person feel wanted unless somebody wants him? How can a person feel he's a person with dignity and integrity unless somebody treats him so? And how can a person feel that he is capable of success?"*

Necessary en Parish (1996:747) het 'n duidelike ooreenkoms gevind tussen selfbeeld en die liefdevolheid wat tussen ouers bestaan – met ander woorde hul huweliksgeluk. Hiervolgens sal die toegeneëndheid tussen ouers, hulle kinders se selfkonsep laat gedy of verwelk. Indien kinders met openlike liefdesbetuiging in hul ouerhuis grootword, word 'n positiewe selfkonsep sowel as 'n positiewe huweliksverhouding hierdeur gevorm.

Indien 'n huweliksmaat dus nie tot selfliefde op grond van selfkennis en selfaanvaarding kan kom nie, is daar weinig sprake van liefde en aanvaarding vir ander. Hierdie bevindinge onderstreep die belangrikheid daarvan dat ouers dus baie diskreet moet wees in die boodskap wat uitgedra word na buite, aldus Parish *et al.* (1996).

## 3.4 'N BESKRYWING VAN KOMMUNIKASIE AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

Kommunikasie tussen man en vrou is 'n oeroue verskynsel en tog is daar baie fasette daarvan nog onafgehandel.

Volgens Barnard (1992:41) is die woord "kommunikasie" van Latynse oorsprong en dat dit letterlik beteken: "Dit wat ons gesamentlik besit, dit wat ons oor en weer tot mekaar se beskikking stel, dit wat ons deel." Kommunikasie kan verder omskryf word as 'n proses waardeur die self, lewe en informasie met mekaar gedeel word – met of sonder woorde – op so 'n wyse dat daar begrip gevorm word.

Volgens Satir *et al.* (1983:197) word twee tipes kommunikasie onderskei, naamlik verbale kommunikasie (woorde, geluide en klanke), asook nie-verbale kommunikasie (gesigsuitdrukkings, liggaamshouding, stemtoon en spierbewegings). Beide kommunikasie tipes moet in ag geneem word in die kommunikasieproses. Dit gaan dus nie net oor dit wat gesê word nie, maar ook hoe dit gesê word en watter gesigsuitdrukkings, handgebare, stembuigings ensovoorts gebruik word.

Baron en Byrne (1991:43) stateer dat mense gedurende 'n normale kommunikasieproses poog om twee aspekte te begryp, naamlik om –

(a) te verstaan wat die ander persoon bedoel, hoe hy/sy voel, wat sy/haar gemoed en emosies is en

(b) te verstaan wat die blywende bedoelinge, hul motiewe asook die oorsaak daarvan kan wees.

Om bogenoemde redes word op nie-verbale inligting, byvoorbeeld gesigsuitdrukking, oogkontak, liggaamshouding en beweging gefokus.

Ses elemente betrokke by elke kommunikatiewe geleentheid kan identifiseer word, naamlik:


- Die kommunikeerder se liggaam
- Waardes verwys na sy/haar meganismes om te oorleef (die "moets" en "moenies" vir self en ander)
- Verwagtinge, dit wat hy/sy poog om te sê deur middel van kommunikasie
- Sintuie (oë, ore, vel, neus en tong)
- Vermoë om te praat, woordeskat, stem en stemtoon
- Brein wat verwys na die bergingsplek van sy/haar kennis deur ondervinding, sosialisering en leerproses. – Satir (1993:197)

Bogemoemde bevestig dat meer as een element betrokke is by kommunikasie. Die kwaliteit van en die wisselwerking tussen die elemente kan die grade van sukses en mislukking in die kommunikasieproses bepaal.

Volgens Mol (1983:91–95) bestaan daar verskillende vlakke van kommunikasie en dit kan grafies soos volg voorgestel word:

## Diagram 3.3

## Verskillende Vlakke Van Kommunikasie




Alhoewel dit nie moontlik is om voortdurend op vlak 6 te funksioneer nie, behoort huwelikspare daarna te streef. Hoe meer gevoelens, idees en opinies gedeel word hoe beter leer huweliksmaats mekaar ken en kommunikeer hulle beter. Alpaslan (1994:77) sluit hierby aan en vat die kommunikasieproses soos volg saam:


- Huwelikspare sien die verhouding, sowel as die probleemareas binne die verhouding in 'n subjektiewe lig. As gevolg hiervan kan dieselfde situasie verskillend geïnterpreteer word. Hierdie verskille veroorsaak konflik.
- Onbekendheid en onsekerheid oor die self by 'n maat beroof die ander persoon van 'n geleentheid om hom/haar werklik te leer ken, aangesien daar dan 'n onvermoë bestaan om hom/haarself vir kommunikasie oop te stel.
- Onderdrukte gevoelens as gevolg van irritasies en onopgeloste konflik veroorsaak negatiewe gevoelens en opmerkings tussen maats.

- Onrealistiese verwagtinge asook gebrekkige kommunikasie ontlok gevoelens van teleurgesteldheid ten opsigte van maats indien die verwagtinge nie nagekom word nie.
- Huwelikspare neig om na 'n sekere tyd nie meer gevoelens te kommunikeer nie, aangesien hulle veronderstel dat hulle mekaar ken. Dit lei tot misverstande en konflik.
- Indien een altyd as "oorwinnaar" uit die stryd tree, bou die ander 'n weerstand teen kommunikasie op as gevolg van gevoelens van mislukking.
- Minderwaardigheid asook meerderwaardigheid blokkeer kommunikasie.
- Waar wantroue teenwoordig is, is kommunikasie terughoudend en versigtig.

Bogenoemde proses kan skematies soos volg voorgestel word:

**Diagram 3.4**

**Vlakke Van Kommunikasie**




Volgens navorsing deur Boisvert *et al.* (1995:33) het jong volwassenes tydens 'n vraelys (wat persepsie van ouers se huweliksverhoudinge meet) kommunikasie as die belangrikste komponent van huweliksvoorbereiding geïdentifiseer. Hiervolgens word 'n gebrekkige kommunikasieproses binne huweliksverhoudinge as die

oorsaak van huweliksongeluk aangedui. Dit wil dus voorkom asof kommunikasie 'n direkte oorsaak – gevolg verband vorm met huweliksbevrediging al dan nie.

## 3.5 'N BESKRYWING VAN KONFLIK AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

Konflik ontstaan wanneer huweliksmaats van mekaar verskil oor 'n bepaalde saak. Dit gebeur wanneer hulle wil, wense, begeertes en menings teenoor mekaar staan. Deur die teenwoordigheid van emosie (woede, angs, seergemaaktheid en frustrasie) loop dit uit op 'n woordewisseling waartydens maats vir mekaar kwaad is. Barnard (1992:54)

Konflik in die huwelik kan beskryf word as 'n natuurlike verskynsel, aangesien huweliksmaats se verwagtinge, behoeftes en begeertes verskil. Mace (in Alpaslan, 1994:83) meen dat "*...marital fighting (and conflict) is inevitable, necessary and desirable*". Nie alleen is dit belangrik dat verskille in verwagtinge en behoeftes bespreek word nie, maar is konflik hieroor anafwendbaar.

Die belangrikste oorsake van huwelikskonflik word as volg deur Du Preez (in Alpaslan, 1994:84) beskryf:

- 'n Huweliksverhouding besit die kenmerke van nabyheid en intimiteit, daarom is die kanse vir frustrasie en irritasie baie groter en is konflik onafwendbaar.
- Verskille in agtergrond en persoonlikheid dra by tot verskille in rolverwagting.
- Indien daar kragmeting oor die magsposisie is, sal dit voortdurende konflik veroorsaak.
- Misverstande as gevolg van onvolledige kommunikasie veroorsaak konflik.
- Indien een maat poog om die ander se persoonlikheid en waardes te verander lei dit tot frustrasie.
- Sekere gedragspatrone kan tot irritasie en derhalwe konflik aanleiding gee.

Indien konflik binne die huweliksverhouding op 'n positiewe, sistematiese en geordende wyse besleg word, hou dit beslis positiewe waarde vir die huweliksverhouding in.

Die positiewe waarde van konflik sien soos volg daaruit :

- Huwelikskonflik verlig spanning.
- Aangesien daar tydens konflik gevoelsontlading plaasvind, voorkom dit bitterheid en gegriefdheid by maats.
- Huweliksprobleme word deur middel van konflik geïdentifiseer en sodoende kan groei plaasvind.
- Huwelikskonflik bevorder begrip vir mekaar.
- Die gevoel van waardering en intimiteit word deur konflik gestimuleer.

Verskille wat behoorlik uitgepraat word, vorm die grondslag vir 'n naby en kreatiewe verhouding. Deur konflik word unieke geleenthede ontdek waardeur 'n verhouding tot intimiteit kan groei. - Mace (in Alpaslan, 1994:88)

Konflik het beslis ook negatiewe gevolge. In navorsing gedoen deur Margolin (in Fincham, 1998:545) word beweer dat konflik tussen ouers ook konflik tussen ouers en kinders, asook kinders onderling tot gevolg het. Ouers is geneig om hul woede en frustrasie oor te dra na hul kinders en kinders weer onder mekaar. Hiervolgens het konflik dus ook 'n sirkulêre patroon..

In haar boek *Satir step by step: a guide to creating change in families* sluit Satir *et al.* (1983:197) by bogenoemde stellings aan. Sy beweer voorts dat kommunikasiepatrone in disharmoniese gesinne hoofsaaklik uit breë veralgemenings bestaan (nie-direk en onduidelik) en dat dit bydra tot konflik en die gevolglike disharmonie in die gesin.

Alhoewel dit duidelik is dat konflik 'n positiewe waarde vir huweliksgeluk inhou beskik dit voorts oor 'n negatiewe invloed op die geluk in die gesin. Kinders wat voortdurend aan konflik blootgestel word, openbaar verskeie afwykende gedragskomponente, soos bewys deur Siegel (2000:141) Sy beweer dat hierdie kinders nie net emosioneel afgestomp voorkom nie, maar ook sukkel om te konsentreer, probleme met portuurverhoudinge ervaar en geneig is tot depressie.

## 3.6 DIE BESKRYWING VAN ROLVERDELING AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

Volgens Van Pelt (1982:120) kan rolle gedefineer word as 'n stel sosiale verpligtinge wat die man en die vrou uitvoer in hulle interaksie met mekaar. Dit verleen orde, samehang en voorspelbaarheid aan die huwelik. Daar is vier basiese rolpatrone, naamlik:

a) **Patriargaal**

Hiervolgens is die man se leierskap onbetwis. Sy woord is wet. Hy is verantwoordelik vir alle besluitneming.

b) **Matriargaal**

In 'n matriargale huweliksverhouding is die vrou die hoof van die huis.

c) **Medeleierskap**

Beide die man en vrou poog om met gelyke gesag die gesin te rig en lei. Beide huweliksmaats se besluite dra gewig.

d) **Magstryd**

Man en vrou wedywer om die leier te wees.

e) **Wedersydse onderdanigheid**

Efesiërs 5:21 lui: *"wees aan mekaar onderdanig...in die vrees van God"*.

Verskeie studies bring egter aan die lig dat weinig pare bewus is van die rolle wat hulle moet speel. Tog kan die onvermoë om aan spesifieke rolverwagtinge van die huweliksmaat te voldoen, spanning en rampspoed vir die huwelik inhou.

Nicol (1992:11) beskryf rolle binne die huweliksverhouding as 'n stel voorskrifte vir gedrag in 'n sekere posisie of situasie. Die geslagsrol bepaal watter gedrag van 'n man of vrou verwag kan word in gegewe situasies of omstandighede.

Dit laat die vraag ontstaan wat "tipies manlik" en "tipies vroulik" is. Verwarring ontstaan omdat egpare teen 'n tradisionele of opvoedkundige agtergrond dikwels self nie weet wat van hom/haar verwag word nie.

Volgens Nicol (1992:13) het die tradisionele rolle op emosionele, sowel as praktiese terrein vervaag. Vandag beweeg die vrou, soos haar man na buite (in 'n beroep) en

word daar van die man verwag om sekere huishoudelike pligte oor te neem. Hierdie oorvleueling lei tot 'n nuwe vryheid ten opsigte van stereotiepe "manlike en vroulike" rolle. Elke egpaar kan nou hulle eie rolle uitwerk en skep. Hierdie "uitwerk van eie rolle" bring egter twee tipes konflik na vore, naamlik:

1) Konflik ten opsigte van die verwagting van die samelewing en die gedrag van die individu.
2) Konflik tussen die verskillende verwagtinge van huweliksmaats, veral ten opsigte van die een se verwagting en die ander een se gedrag.

Indien rolverdeling gereeld bespreek word, sal onnodige konflik en misverstande voorkom word. Alpaslan (1994:96). Waar beide huweliksmaats tevrede is met die rolverdeling, asook sy/haar verantwoordelikhede, sal daar 'n geleentheid wees vir afsonderlike asook gesamentlike groei. Nie alleen kan beide huweliksmaats hierdeur hul insette lewer nie, maar is daar dus geleentheid om inkongurente verwagtinge van mekaar uit te praat en tot 'n vergelyk te kom.

Die gesin van herkoms speel hier 'n belangrike rol. Soos in Hoofstuk 2 reeds uiteengesit, neem kinders hulle ouers in terme van spesifieke rolle waar. "Tipies manlik" sal hiervolgens waarskynlik die rolle wees wat deur die "pa" vervul is en *vica versa*. Rolidentiteit vorm 'n belangrike deel van huweliksverwagting en lei dikwels tot frustrasie en konflik in jong huwelike.

## 3.7 'N BESKRYWING VAN HUWELIKSVERWAGTING AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIKSVERHOUDING

Huweliksmotief of rede vir huweliksluiting speel 'n belangrike rol in huweliksverwagting. Grobbelaar, Blignaut, en Engelbrecht (in Alpaslan, 1994:68) poog om die motiewe vir huweliksluiting soos volg saam te vat:

- Omdat daar deur die ouers en/of samelewing druk op hom/haar geplaas word.
- Om sy/haar behoefte aan huislikheid en kinders te verwesenlik.
- Om aan sy/haar behoefte aan kameraadskap te voldoen.
- Om iemand te hê om saam oud te word.

- Jongmense trou soms om 'n ander status te bekom en nie uit te voel by getroude vriende nie.
- Om van haglike huislike omstandighede te ontsnap.
- Vir ekonomiese redes.
- Vir seksuele bevrediging
- Uit 'n gevoel van jammerte vir iemand
- Die homoseksuele persoon wil sy probleem ontwyk of "oplos"
- Uit reaksie op 'n mislukte verhouding
- Uit "opstand" teenoor ouers of kinders
- Vir die verkryging van status (in die geval van iemand welaf, met 'n hoë sosiale status)
- Fisieke aantrekkingskrag van die ander persoon.
- As gevolg van 'n onbeplande swangerskap.
- Om hul liefde vir mekaar tot uiting te laat kom.

Siegel (2000:29) beweer dat die verwagtinge in die huweliksverhouding dikwels oormatig is en dat maats van mekaar verwag om hul te voorsien van vriendskap, uitstekende seks, asook alle ander emosionele bestanddele vir intimiteit – wat volgens meeste mense een van die belangrikste aspekte van 'n vervulde huwelik is. Josselson (in Siegel, 2000:29) wat belangrike bydraes tot hierdie veld gemaak het, suggereer dat intimiteit nie moontlik is alvorens 'n persoon nie gevoelens van eiewaarde, geliefdheid en nodigheid ervaar nie – in kort – 'n positiewe selfkonsep. Intimiteit daarteenoor vereis geduld, selfopoffering en die bereidheid om ondersteuning vir mekaar te bied.

Tradisioneel word huwelike gesluit omdat huweliksmaats mekaar liefhet en saam wil wees. Volgens Mace (in Alpaslan, 1994:70) kan vyf soorte liefde onderskei word:

- Sensuele liefde (seksuele begeerte)
- Erotiese liefde (aangetrokkendheid sowel as seksuele begeerte)
- Broederlike liefde ('n ondersteunende, deernisvolle liefde wat tussen vriende of maats gedeel word

- Gesinsliefde (tussen ouers en kinders)
- Opofferende liefde (toewyding aan ander en liefde vir ander ten spyte van)

Wat ookal die motief vir huweliksluiting, wil dit voorkom asof liefde die enigste geldige bepaler vir huweliksgeluk is. Al bogenoemde motiewe bepaal die wyse waarop huweliksverwagtinge daaruit sien. So sal die persoon wat die huwelik gedwonge betree as gevolg van 'n onbeplande swangerskap, waarskynlik altyd voel dat sy vasgevang sit in 'n situasie waaroor sy nie beheer het nie. Huweliksmotief bepaal dus in 'n groot mate hoe 'n persoon die huwelik tegemoetgaan.

## 3.8 DIE INTERNE HUWELIK

***"The object of group treatment is to fight the past in the present in order to assure the future"***

***- Eric Berne***

Uit voorafgaande aspekte van die huwelik naamlik; die gesin van herkoms, selfbeeld, kommunikasie, konflik, rolverwagting asook huweliksverwagting blyk dit duidelik dat verskillende identiteite gevorm word. Genoemde identiteite word bewustelik (deur persepsies) of onbewustelik (deur predisposisies) gevorm. Hierdie identiteite word geïnternaliseer tot 'n totale prentjie ten opsigte van die huwelik. So sal Mejuffrou X 'n besliste houding inneem ten opsigte van haar ouers se huwelik. Sy sal weet dat sy "dieselfde" huwelik of "glad nie dieselfde" huwelik as haar ouers wil hê nie.

Elke huweliksmaat betree dus die huwelik met 'n "geïnternaliseerde huwelik". Hierdie interne huwelik dien as die maatstaf waarteen alle aspekte van die huwelik gemeet word. Selfspraak en betekenisgewing is dus voortspruitend uit hierdie persepsies. Nie alleen het die gesin van herkoms, met ander woorde persepsies uit die kinderdae, 'n groot invloed op die verwagting van die huwelik nie, maar sal aspekte soos bo uiteengesit die huweliksverwagting kleur en sal dit die bril wees waardeur die betrokke huweliksmaat sy/haar maat beskou.

Volgens Siegel (2000:10–11) is daar in almal 'n geïnternaliseerde huwelik. Die probleem is egter dat baie daarvan gevorm is tydens die kinderjare toe daar nog nie werklik begrip was vir 'n komplekse begrip soos huweliksverhouding nie. Alhoewel verbeelding en emosie tydens die kinderjare hierdie interne huwelik beïnvloed, word die raamwerk nogtans gevorm van waaruit die huwelik later hanteer word. Siegel stateer voorts dat hierdie interne huwelik nie 'n "feit" is waarna gedraai kan word ten einde gedrag tydens die volwasse huweliksverhouding te verstaan nie, maar eerder 'n emosionele verwysingsraamwerk waaruit aksies ontstaan. Daar is voorts vir redes wat nie heeltemal verstaanbaar is nie, 'n definitiewe neiging om gevoelighede en tekorte wat tydens kinderjare ontstaan, herhaaldelik as volwassene uit te leef. Kinders is, soos vroeër in die hoofstuk bewys, baie bewus van onopgelosde konflikte tussen hul ouers en het dit 'n direkte invloed op huweliksverwagtinge later.

Scharff en Scharff (1987:241) sluit by bogenoemde aan deur te beweer dat die interne huwelik gevorm word uit die ouerlike huwelik en dus die huidige huwelik beïnvloed. Volgens hierdie teorie is daar baie verskillende geïnternaliseerde objekte binne die mens en sal daar dus 'n ewe groot verskeidenheid persepsies oor die huweliksverhouding wees, naamlik liefdevol, haatdraend, redelik, onredelik ensovoorts. Die uiteindelike interne huwelik word egter gevorm vanuit 'n persepsie van die ouerlike huwelik en sal 'n direkte invloed op die verwagtinge asook die afkeure in die huidige huweliksverhouding hê. Om dus 'n duidelike prentjie van die huweliksverhouding te vorm, moet 'n terapeut eers bepaal hoe elkeen se interne huwelik lyk.

Palmer (1982:127) beweer dat die twee doelwitte vir huweliksterapie berus op die uitwis van nie-funksionele vroeë besluite, asook die herstel van *"stroking"*-patrone berus. (Transaksionele Analise). Volgens die Transaksionele Analise word kinders se lewensplan (life script) vroeg reeds gevorm. Die lewensplan is gegrond op vroeë besluitneming aangaande hulself en ander. As kind ontstaan die persepsie van "ek is ok" of "ek is nie ok nie" Hierdie persepsies word deur die ouers versterk op verbale en nie-verbale wyses. Hierdie sienings oor hulself bepaal hulle lewensbesluite.

Volgens Retief (1999:106-107) kan hierdie lewensbesluite soos volg opgesom word:

I. I'm not OK – You're OK: Persoon reageer met onderdanigheid.
II. I'm not OK – You're not OK: Persoon reageer met opstandige gedrag.
III. I'm OK – You're not OK: Persoon reageer met aggressie.
IV. I'm OK – You're OK: Persoon reageer met verantwoordelikheid en selfvertroue.

Gerson *et al.* (1993:341–354) noem dat daar sprake is van drie soorte interaksionele gedrag binne die verskillende identiteite en dus vanuit die interne huwelik wat reeds vroeg gevorm word, voorkom:

1. ***Najaers (pursuaers) en ruimtesoekers (distancers):***
   Een huweliksmaat wil meer nabyheid hê, terwyl die ander huweliksmaat wegskram.
2. ***Oorfunksioneerders (overfunctioners) en onderfunksioneerders (underfunctioners):***
   Een huweliksmaat neem feitlik alle verantwoordelikheid in die huwelik, terwyl die ander huweliksmaat feitlik geen verantwoordelikheid oorneem nie en min in die verhouding doen.
3. ***Blameerders (blamers) en paaiers (placaters):***
   Sodra daar spanning in die verhouding oplaai, ontstaan blameerdery. Een of albei kan die ander een daarvan beskuldig dat hy/sy die oorsaak is van wat verkeerd loop. Die ander huweliksmaat neem dan die *paaiende* rol in om die vrede te bewaar sonder dat hy/sy werklik die ander maat se opinie geloofwaardig vind.

Volgens Siegel (2000:42) moet ouers wat graag wil hê dat hul kinders geluk moet vind in hul huwelik, kyk hoe hulle as ouers die boodskap oor huwelike uitdra. Volgens haar sal kinders wat sien hoe ouers mekaar asook hul verhouding respekteer, leer dat 'n belangrike komponent van huweliksgeluk in vervulling van mekaar se behoeftes lê.

Sy noem voorts dat daar nie noodwendig net negatiewe aspekte vasgevang word in die geïnternaliseerde huwelik nie, maar ook positiewe aspekte. So kan 'n ouerpaar wat die kuns van 'n vervulde huwelik ontdek het, vir hul kinders 'n voorbeeld oordra wat positief gekleurd is en sal die kind 'n positiewe verwagting en gevoel oor sy/haar eie huweliksverhouding hê.

Steil (1997:108) bevestig bogenoemde stelling deurdat haar navorsing bewys dat waar huweliksmaats 'n bevredigende huweliksverhouding ervaar, hul dikwels verwys na hul ouers se positiewe huweliksverhouding en die bron van inspirasie daarvan.

Ook Aquilino (1986:170) kom tot die gevolgtrekking dat die indrukke wat kinders vorm oor hul ouers se huweliksverhoudinge inderdaad die grondsalg vir ander verhoudinge vorm.

In navorsing oor intimiteit in die huwelik bevind Warning *et al.* (1980:474) dat individue bevestig het dat die potensiaal van intimiteit in hul eie huweliksverhouding ten nouste beïnvloed word deur hul persepsie van hul ouers se intimiteitsvlak binne hul huwelik.

Volgens Carson en Pauly (1990:34) kan ouerlike egskeiding wel 'n langtermyn effek op die gedrag en emosionele ontwikkeling van kinders en tieners hê en het dit inderdaad 'n kognitiewe invloed op die verwagtinge wat hulle koester ten opsigte van 'n eie huwelik later.

Willets-Bloom en Nock (1992:3) bewys deur navorsing dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die mate waartoe huweliksgeluk in die ouerhuis beleef is teenoor die aspirasie om te trou en 'n eie gesin te hê.

## 3.9 <u>TEN SLOTTE</u>

Opsommend die volgende: Die gesin van herkoms beskik oor verskeie funksies naamlik 'n sosialiserings-, ekonomiese -, opvoedkundige - , beskermings- asook 'n voortplantingsfunksie. Dit is binne hierdie geslote kring waar verskeie

lewensvaardighede vasgelê word. Indien kommunikasie- en konflikhanteringsvaardighede doeltreffend vasgelê word, lei dit tot openheid en 'n nabye, kreatiewe verhouding tussen huweliksmaats. Huweliksverwagting word dus uiteindelik geskoei op die interne huwelik wat komponente van alle aspekte van die huweliksverhouding van ouers bevat. Die gesin van herkoms staan dus sentraal in die vorming van huweliksverwagting.

In Hoofstuk 4 word die verdere verloop van die studie in terme van navorsingsontwerp beskryf.

# HOOFSTUK 4

# BESKRYWING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP

## 4.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om die verloop van die navorsing te beskryf. Vir verheldering van die probleem, word die probleemstelling, die doelstelling met die navorsing en die aannames weer uitgestip.

### 4.1.1 Die Probleem

Die probleem wat in die ondersoek nagevors word, is reeds in Hoofstuk 1 gestel:

**Bestaan daar 'n verband tussen kinders se persepsie van hul ouers se huwelik en huweliksverwagting ten opsigte van 'n eie huwelik later?**

In Hoofstuk 2 het die navorser 'n literatuurstudie gedoen oor die aard, gevolg en oorsprong van vroeë persepsies. In hierdie hoofstuk is gefokus op wat die kind waarneem en hoe dit sy verwysingsraamwerk asook identiteite vorm.

In Hoofstuk 3 is 'n literatuurstudie gedoen oor die invloed van identiteite op die ontstaan van 'n interne huwelik. Daar is op spesifieke aspekte van die huwelik gefokus ten einde die invloed daarvan op die interne huwelik na te vors.

### 4.1.2 Aannames (Hipoteses)

In Hoofstuk 1 is die volgende aannames gestel:

- Jong volwassenes skoei hul beskouing van die huwelik op die huweliksmodel van hul ouers, waarvan sekere komponente positief en ander negatief kan wees.

- Ouers se huweliksverhouding het 'n invloed op huweliksaanpassing van hul kinders.

- ➢ Insig ten opsigte van huweliksverwagtinge (realisties of onrealisties) by voornemende huweliksmaats is noodsaaklik ten einde huweliksaanpassing te vergemaklik.

Uit bogenoemde twee literatuurstudies is daar teoreties bewys gelewer van die eerste twee aannames. Die derde aanname sal in Hoofstuk 5 bewys word deur te kyk na die uitkoms van vraelyste.

### 4.1.3 Doelstellings

Die fundamentele doelstellings van die navorsing is om:

- ➢ Die aard, gevolg en oorsprong van vroeë persepsies te ondersoek;
- ➢ Die ontstaan van 'n geïnternaliseerde huwelik geskoei op vroeë persepsies ten opsigte van spesifieke huweliksaspekte te ondersoek;
- ➢ Die saamstel van 'n vraelys wat as hulpmiddel kan dien in die uitwys van huwelikspersepsies (positief of negatief).

In hierdie hoofstuk sal die navorser die volgende beskryf:

1. Tipe navorsing
2. Proefpersone gebruik in die studie
3. Media gebruik in die studie
4. Ontwikkeling van die navorsingsvraelyste
5. Interpretasie van navorsingsresultate

## 4.2 TIPE STUDIE

**Ideografies**

In hierdie studie word van 'n *ideografiese navorsingsontwerp* gebruik gemaak. 'n Ideografiese ontwerp se fokus is om slegs een fenomeen in diepte te ondersoek, ongeag die hoeveelheid deelnemers aan die studie - Mc Millan en Schumacher (1997:393-394).

Slegs enkele proefpersone is by hierdie studie betrek. Daar word nie tydens hierdie studie gepoog om algemeen geldende wette saam te stel vir insig in huweliksverwagting nie, maar eerder om vas te stel of vroeë persepsies ten opsigte van die huwelik wel 'n invloed uitoefen op huweliksverwagtinge.

In hierdie studie het die navorser van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak waar daar interpretasies gemaak is, eerder as waardes aan 'n vorm van gedrag toe te ken. Die rede waarom hierdie vorm van navorsing gekies is, is omdat die veld van huweliksaanpassing so wyd is en omdat dit moeilik is om alle aspekte van huweliksaanpassing na te vors.

## 4.3 PROEFPERSONE

In hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van agt-en-twintig getroude, Afrikaanssprekende persone (veertien pare) tussen die ouderdomme ses-en-twintig en een-en-vyftig.

## 4.4 MEDIA

Die navorser het van 'n selfontwerpte vraelys gebruik gemaak. As riglyn is verskeie vraelyste van Alpaslan (1994) gebruik. Die doel van die vrae word in paragraaf 4.5.1 bespreek. Die vraelys is anomiem voltooi en deelnemers is aangemoedig om hul eerlike opinie oor elke aspek te verstrek. Die vraelys sien as volg daar uit:

# VRAELYS MET BETREKKING TOT HUWELIKSVERWAGTING

Hierdie vraelys word anoniem voltooi. Beantwoord asseblief alle vrae so eerlik moontlik.

Die resultate word beoog vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir verloofdes.

## AFDELING 1: BIOGRAFIESE GEGEWENS

1. Geslag

| | |
|---|---|
| Manlik | 1 |
| Vroulik | 2 |

2. Ouderdom

| |
|---|
| |

3. Huistaal

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 1 |
| Engels | 2 |
| Ander (spesifiseer) | |
| | 3 |
| | |

4. Hoogste opvoedkundige kwalifikasie

| | |
|---|---|
| Minder as Gr 12 (st 10) | 1 |
| Gr 12 (st 10) | 2 |
| Naskool (diploma) | 3 |
| B – Graad | 4 |
| M – Graad | 5 |
| D - Graad | 6 |
| Ander: (spesifiseer) | 7 |

5. Huidige beroep

| |
|---|
| |

6. Huwelikstatus

| | |
|---|---|
| Eerste Huwelik | 1 |
| Tweede Huwelik | 2 |
| Derde Huwelik | 3 |

7. Ek het getrou omdat:

(merk uitsluitelik aspekte van toepassing - meer as een opsie kan gebruik word)

| | |
|---|---|
| Ek my maat liefhet | 1 |
| My maat dieselfde geaardheid as ek het | 2 |
| Ek graag kinders wou hê | 3 |
| My maat my tekorte kan aanvul | 4 |
| Ek nie eensaam wou wees nie | 5 |
| Hy/Sy my 'n goeie toekoms kan bied | 6 |
| Ek/my maat swanger geraak het | 7 |
| Om uit my ouerhuis te ontvlug | 8 |
| Om 'n vorige verhouding te bowe te kom | 9 |

8. My verwagtinge van my maat voor ons huwelik was:

| | |
|---|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
| | 6 |
| | 7 |
| | 8 |
| | 9 |
| | 10 |

9. My verwagtinge ten opsigte van my rol in ons huwelik was: (voor julle huwelik)

| | |
|---|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
| | 6 |
| | 7 |
| | 8 |
| | 9 |
| | 10 |

10. Verwagtinge ten opsigte van my maat wat nie gerealiseer het nie, is:

| | |
|---|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
| | 6 |
| | 7 |
| | 8 |
| | 9 |
| | 10 |

11. Verwagtinge ten opsigte van myself wat nie gerealiseer het nie, is:

| | |
|---|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
| | 6 |
| | 7 |

AFDELING 2: HOE VOEL EK OOR MY HUWELIK

(Beantwoord alle vrae)

Opsie 1 = stem volkome saam

Opsie 2 = stem redelik saam

Opsie 3 = stem nie heeltemal saam nie

Opsie 4 = stem glad nie saam nie

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Ek voel tevrede met my huwelik. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 2. | Ek kom goed met mense oor die weg | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 3. | Ek vind met my maat gesels maklik. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4. | Ek vermy oor die algemeen konflik met my maat. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5. | Ek voel my huweliksmaat is liefdevol genoeg. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 6. | Die meeste mense hou van my. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 7. | Ek vind dit maklik om my gevoelens met my maat te deel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 8. | My maat vermy oor die algemeen konflik met my. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 9. | Ek sou weer dieselfde huweliksmaat kies. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 10. | Ek dink mense vind my aantreklik. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 11. | Ek vind dit maklik om feite met my maat te deel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 12. | Ek hanteer gewoonlik konflik deur stilstuipes. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 13. | My maat verstaan my. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 14. | Ander hou daarvan om by my te wees. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 15. | Ek kan my drome met my maat deel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 16. | My maat hanteer gewoonlik konflik deur stilstuipes. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 17. | Ek geniet die lewe saam met my maat. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 18. | Ek voel bekwaam. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 19. | Ek kan maklik met my maat oor aangename dinge gesels. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 20. | Ek hanteer soms konflik deur fisieke geweld te gebruik. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 21. | My huweliksmaat vertrou my. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 22. | Ek maak normaalweg 'n goeie indruk op ander persone. | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 23. | Ek gesels maklik met my maat oor onaangename dinge. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 24. | Ons werk konflik gewoonlik dadelik/gou deur. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 25. | Ek vertrou my maat. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 26. | Ek dink ander vind my interessant. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 27. | Ons praat maklik oor ons verskille. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 28. | Ek hanteer konflik deur dit deur te praat. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 29. | Ek kan op my maat staatmaak. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 30. | Ek voel oor die algemeen goed oor myself. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 31. | Ek kan maklik met my maat gesels oor intieme sake. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 32. | Ek hanteer konflik deur kwaad te word. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 33. | Ons hanteer ons verskille goed. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 34. | Ek voel selfbewus by vreemde mense. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 35. | Ons bespreek normaalweg eers 'n saak voor ons 'n finale besluit neem. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 36. | Ek gebruik soms onvleiende taal tydens konflik. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 37. | Ek voel ons verhouding is stabiel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 38. | Ek vermy normaalweg sosiale kontak met ander. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 39. | Ons komplimenteer mekaar gereeld. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 40. | Ons hanteer konflik privaat. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 41. | Ek voel ons het 'n goeie verhouding. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 42. | Ander stoot my rond. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 43. | Ek verstaan oor die algemeen die betekenis van my maat se gesigsuitdrukkings. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 44. | Ons baklei dikwels | 1 | 2 | 3 | 4 |

AFDELING C

Vrae ten opsigte van die gesin van herkoms (ouerhuis)

1. My gesin van herkoms het bestaan uit:

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |
| Stiefpa | 3 |
| Stiefma | 4 |
| Saambly maat | 5 |
| Broer (meld hoeveel) | 6 |
| Suster (meld hoeveel) | 7 |
| myself | 8 |
| Ander (spesifiseer) | 9 |

2. My posisie in my gesin van herkoms was:

| | |
|---|---|
| Oudste | 1 |
| Middelste | 2 |
| Jongste | 3 |

3. Ek het die beste verhouding gehad met:

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |
| Broer | 3 |
| Suster | 4 |

4. Ek het die minder goed oor die weg gekom met:

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |
| Broer | 3 |
| Suster | 4 |

5. Die verhouding tussen my ouers was na my mening: (merk alles van toepassing)

| | |
|---|---|
| Stabiel | 1 |
| Liefdevol | 2 |
| Spanningsvol | 3 |
| Verwyderd | 4 |
| Naby | 5 |
| Kameraadskap | 6 |
| Sonder spanning maar nie noodwendig liefdevol nie | 7 |
| Sober (ernstig) | 8 |
| Speels | 9 |

6. Wie was die liefdevolste?

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |

7. Met wie het jy die beste verhouding gehad?

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |

8. Wie het die meeste mag in die gesin gehad?

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |

9. Wie het beheer geneem oor die gesin?

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |

10. Wie het die atmosfeer in die huis bepaal?

| | |
|---|---|
| Pa | 1 |
| Ma | 2 |

11. Kommunikasiepatrone in julle gesin van herkoms was normaalweg gekenmerk deur: (merk slegs wat van toepassing is)

| | |
|---|---|
| Kon maklik oor alles gesels | 1 |
| Was beperk tot die nodigste (hoofsaaklik feite) | 2 |
| Kon maklik oor sensitiewe dinge gesels. | 3 |
| Kon glad nie met mekaar gesels nie. | 4 |
| Het emosies gedeel. | 5 |
| Het probleme met pa bespreek. | 6 |
| Het probleme met ma bespreek. | 7 |
| Het probleme met broer/suster bespreek. | 8 |
| Het probleme vir myself gehou. | 9 |

12. Konflik tussen ouers is hanteer deur: (merk asb alles van toepassing)

| | |
|---|---|
| Stilstuipe | 1 |
| Manipulasie (deur ma) | 2 |
| Manipulasie (deur pa) | 3 |
| Deurpraat | 4 |
| Fisieke geweld | 5 |
| Kru taal te gebruik | 6 |
| In privaatheid | 7 |
| Pa het konflik vermy | 8 |
| Ma het konflik vermy | 9 |
| My ouers het nooit baklei nie | 10 |

13. Wat was die algemene atmosfeer in jou ouerhuis?

| | |
|---|---|
| Gespanne | 1 |
| Ontspanne | 2 |
| Lighartig | 3 |
| Ernstig | 4 |
| Elkeen maak wat hy wil | 5 |
| Roetine gebonde | 6 |
| Vuil | 7 |

| | |
|---|---|
| Nie netjies nie maar nie vuil nie | 8 |
| Slordig | 9 |
| Pynlik netjies | 10 |
| Netjies | 11 |
| Afwesige pa | 12 |
| Afwesige ma | 13 |
| Albei ouers afwesig | 14 |
| Ander (meld) | 15 |

14. Die finansiële ingesteldheid van jou ouers is gekenmerk deur:

(merk <u>slegs</u> wat van toepassing is)

| | |
|---|---|
| Spaarsamig (ma) | 1 |
| Spaarsamig (pa) | 2 |
| Spaarsamig (beide) | 3 |
| Spandabelrig (ma) | 4 |
| Spandabelrig (pa) | 5 |
| Spandabelrig (beide) | 6 |
| Deeglike beplanning voor besteding (pa) | 7 |
| Deeglike beplanning voor besteding (pa) | 8 |
| Deeglike beplanning voor besteding (beide) | 9 |
| Suinig (ma) | 10 |
| Suinig (pa) | 11 |
| Suinig (beide) | 12 |

15. Wat was volgens jou, jou ouers se finansiële posisie?

| | |
|---|---|
| Armoedig | 1 |
| Ryk | 2 |
| Gemiddeld | 3 |

16. Die sosiale interaksie van jou ouers is gekenmerk deur:

| | |
|---|---|
| Graag gekuier | 1 |
| Min gekuier | 2 |
| Nooit tuis | 3 |
| Altyd tuis | 4 |

17. Wie was verantwoordelik vir: (beantwoord alle vrae)

| | | |
|---|---|---|
| Dissipline | Pa | Ma |
| Voorbereiding van maaltye (week) | Pa | Ma |
| Voorbereiding van maaltye (naweek) | Pa | Ma |
| Huistake (skoonmaak en netheid) | Pa | Ma |
| Versien of reël vir versien van motors | Pa | Ma |
| Aankoop van kruideniersware | Pa | Ma |
| Aankoop van meubels | Pa | Ma |
| Beplan vir vakansies | Pa | Ma |
| Voorstelle vir uitgaan/kuier/ontspan | Pa | Ma |
| Voorbehoeding | Pa | Ma |
| Geestelike versorging van gesin | Pa | Ma |
| Hantering van begroting | Pa | Ma |
| Betaling van rekeninge | Pa | Ma |
| Toenadering soek | Pa | Ma |
| Onthou van verjaarsdae en ander gebeure | Pa | Ma |
| Bywoon van vergaderings of funksies (skool ens) | Pa | Ma |
| Bywoon van oueraande | Pa | Ma |
| Hantering van konflik in gesin | Pa | Ma |
| Hantering van konflik buite gesin (skoonfamilie/skool ens) | Pa | Ma |
| Neem van besluite | Pa | Ma |

AFDELING D:

OOP VRAE:

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling so eerlik en bondig moontlik:

1. Is jy van mening dat jou persepsie van jou ouers se huwelik 'n invloed het op julle huweliksverhouding?
   Ja / Nee (onderstreep)

2. Indien ja, beskryf:

______________________________________________

______________________________________________

3. Indien nee, verskaf redes waarom jy so dink:

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Is jou lewensmaat van mening dat jou gesin van herkoms jou houding oor die huwelik beïnvloed?
   Ja / Nee (onderstreep)

5. Indien ja, ten opsigte waarvan?

______________________________________________

______________________________________________

6. Is jy van mening dat jou lewensmaat se gesin van herkoms sy/haar verwagting ten opsigte van julle huwelik beïnvloed?
   Ja / Nee (onderstreep)

7. Indien ja, ten opsigte waarvan?

______________________________________________

______________________________________________

Baie dankie vir u deelname.

## 4.5 ONTWIKKELING VAN DIE VRAELYS

### 4.5.1 Die Doel Van Die Vraelys

Die doel van die vraelys is primêr om as hulpmiddel in terapie te dien. Indien die terapeut vermoed dat die kliënte huweliksaanpassingsprobleme ondervind wat moonltik voortspruit uit verskille in huweliksverwagting, kan die vraelys ingevul word om die vermoede te bevestig of af te wys. Die vraelys is voorts 'n nuttige hulpmiddel vir selfinsig ten opsigte van 'n persoon se huweliksverwagting en aanduidend van verwagtinge soos beïnvloed deur die gesin van herkoms.

### 4.5.2 Samestelling Van Die Vraelys En Tipe Skaal

Op grond van die literatuurstudie is 'n vraelys ontwerp om die navorsingsprobleem te ondersoek. 'n Samestelling van oop vrae en keuse-tipe vrae is gebruik. Die navorser gaan gebruik maak van 'n 4-punt Likkert-tipe skaal. Die keuse vrae wissel van; *stem volkome saam; stem redelik saam; stem nie heeltemal saam nie* en *stem glad nie saam nie.*

### 4.5.3 Doel Van Spesifieke Vrae

Aangesien die klem van die navorsing op terapie val en die vraelys slegs as hulpmiddel in die terapeutiese proses gebruik gaan word, gaan die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys nie ondersoek word nie. Die hoofdoel van die vraelys is om uit spesifieke vrae meer oor die kliënt se unieke belewenisse af te lei.

**Tabel 4.1**

**Indeling Van Vrae Ten Opsigte Van Verskillende Subskale**

| SUBSKALE | VRAE |
|---|---|
| • Algemene huwelikstevredenheid | 2.1, 2.5, 2.9, 2.13, 2.17, 2.21, 2.25, 2.29, 2.33, 2.37, 2.41 |
| • Selfkonsep | 2.2, 2.6, 2.10, 2.14, 2.18, 2.22, 2.26, 2.30, 2.34, 2.38, 2.42 |
| • Kommunikasie | 2.3, 2.7, 2.11, 2.15, 2.19, 2.23, 2.27, 2.31, 2.35, 2.39, 2.43 |
| • Konflik | 2.4, 2.8, 2.12, 2.16, 2.20, 2.24, 2.28, 2.32, 2.36, 2.40, 2.44 |
| • Gesin van herkoms en rolverwagting geskoei op bogemoemde | 3.1, 3.2, 3.3, 3.4, 3.5, 3.6, 3.7, 3.8, 3.9, 3.10, 3.11, 3.12, 3.13, 3.14, 3.15, 3.16, 3.17, |
| • Huweliksverwagting | 1.7, 1.8,1.9, 1.10, 1.11, |

## 4.6 MOONTLIKE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE

- 'n Beter begrip vir kinderpersepsies en die invloed daarvan op hul latere lewe.
- Insig in huweliksverwagting en die invloed van die gesin van herkoms hierop.
- 'n Vraelys vir die identifisering van huweliksverwagtinge geskoei op vroeë persepsies.

## 4.7 INTERPRETASIE VAN NAVORSINGSRESULTATE

Die navorsingsresultate sal geïnterpreteer word deur:

- Die resultate van pare wat aan die navorsing deelgeneem het met mekaar te vergelyk en afleidings oor die ooreenkomste en verskille te maak.
- Ooreenkomste en verskille ten opsigte van vroulike sowel as manlike respondente met mekaar te vergelyk.

## 4.8 SLOT

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp bespreek. Die resultate wat uit die studie verkry gaan word, sal in Hoofstuk 5 bespreek word.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSRESULTATE

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die volgende inligting uiteengesit:

- Historisiteit van proefpersone
- Die resultate van die vraelys in grafiekvorm
- Interpretasie van die resultate van die vraelys

## 5.2 HISTORISITEIT VAN PROEFPERSONE

Agt-en-twintig (veertien pare) proefpersone tussen die ouderdom 26 en 51, is geselekteer. Vraelyste is anoniem voltooi en as volg genommer; mans – a en dames – b. Elke huwelikspaar se vraelyste is saam geïnterpreteer en met mekaar asook met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Diagramme 5.1.1 en 5.1.2 tot 5.14.1 en 5.14.2 toon die profiele van huwelikspare een tot veertien. Voor elke diagram is daar 'n kort samevatting (Tabel 5.1 – 5.14) oor elke proefpaar. Aan die einde word 'n samevattende grafiek van alle proefpersone getoon. (Diagram 5.15)

## 5.3 INTERPRETASIE EN RESULTATE VAN DIE VRAELYSTE


Alle vergelykene aspekte word nie op die grafiek getoon nie. Die interpretasie ten opsigte van elke proefpaar word meer breedvoerig in onderstaande tabelle weergegee.

## Tabel 5.1


| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 1 A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>Beide proefpersone is oudste kinders wat moontlik daarop dui dat hulle, volgens Alpaslan (1994:28) oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat hy/sy moontlik dominerend kan wees.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**1a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers nie liefdevol was nie. Elke lid van sy gesin het gemaak wat hul wil en die atmosfeer in sy ouerhuis was gekenmerk deur 'n afwesige pa.<br>**1b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers liefdevol en warm was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gemoedelik, ontspanne en huislik.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**1a:** Volgens proefpersoon 1a was daar feitlik geen sprake van kommunikasie nie en is konflik hanteer deur stilstuipes en manipulasie.<br>**1b:** Volgens proefpersoon 1b was kommunikasie in haar ouerhuis gemaklik en spontaan. Konflik is konstuktief opgelos.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>**1a:** Dui aan dat sy ouers se huweliksverhouding wel 'n invloed op sy eie huwelik het deurdat hy nie emosioneel onbetrokke soos sy pa wil wees nie.<br>**1b:** Dui aan dat haar ouers se huweliksverhouding haar huweliksverwagting beïnvloed deurdat sy die liefdevolheid in haar ouerhuis wil voortsit in haar huwelik. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar, blyk proefpersoon 1a oor 'n goeie sosiale selfkonsep te beskik en dat kommunikasie asook konflikhantering konstruktief en opbouend beleef word. Hierteenoor dui 1b aan dat sy die kommunikasie en konflikhantering in hul huwelik as "redelik goed" ervaar. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die van elkeen se gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan beleef 1b haar huweliksverhouding ten opsigte van kommunikasie en konflikhantering minder bevredigend as 1a wat genoemde aspekte baie positief ervaar in vergelyking met die feitlik geen kommunikasie en destruktiewe konflikhantering in sy gesin van herkoms. 1b daarteenoor meet die kommunikasie en konflikhantering in hulle huwelik teen die van haar ouers (wat baie goed was) en is gevolglik minder tevrede daarmee. |

> ➢ Beide proefpersone meld dat hulle huweliksverwagting wel geskoei is op persepsies ten opsigte van hulle gesinne van herkoms.

## Grafiek 5.1.1




## Grafiek 5.1.2




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat van probleme |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

*1 = Ja* *2 = Soms* *3 = Nee*

## Tabel 5.2

**BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 2 A EN B**

1. **Huwelikstevredenheid:**
Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.

2. **Posisie in die gesin van herkoms:**

**2a:** Jongste kind: Volgens Alpaslan (1994:28) blyk jongste kinders soms afhanklike gedrag te openbaar en verkies hulle 'n dominerende verhouding. Hulle blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid.

**2b:** Middelste kind: Alpaslan (1994:28) beweer dat middelste kinders dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en dat hul aandagsoekerig mag voorkom.

3. **Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**

**2a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel, liefdevol en gekenmerk is deur kameraadskap. Die atmosfeer in sy ouerhuis was gemaklik,en lighartig.

**2b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers ernstig en gespanne was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gespanne en haar ouerhuis pynlik netjies.

4. **Kommunikasie en konflikhantering:**

**2a:** Volgens proefpersoon 2a was kommunikasie in sy ouerhuis gemaklik, spontaan en kon hy probleme met beide ouers bespreek.

**2b:** Volgens proefpersoon 2b was kommunikasie in haar ouerhuis beperk tot die noodsaaklikste en het sy probleme vir haarself gehou.

5. **Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**

**2a:** Dui aan dat sy ouers se huweliksverhouding wel 'n invloed op sy eie huwelik het deurdat hy hulle goeie voorbeeld navolg.

**2b:** Dui aan dat haar ouers se huweliksverhouding haar huweliksverwagting beïnvloed deurdat sy nie dieselfde huwelik as haar ouers wil hê nie.


**GEVOLGTREKKING:**

- In vergelyking met mekaar blyk proefpersoon 2a die kommunikasie in hulle huweliksverhouding konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering kan volgens hom as "redelik goed" bestempel word. Hierteenoor dui 2b aan dat sy die kommunikasie in hulle huwelik positief ervaar, maar konflikhantering ook as "redelik goed". Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil 2b ten alle koste 'n soortgelyke huweliksverhouding as die van haar ouers vermy. Dit wil voorkom asof daar kontroversie in haar houding ten opsigte van sosiale kontak

met ander en haar sosiale selfkonsep bestaan. Sy dui aan dat sy oor 'n positiewe selfkonsep beskik maar is terselfdertyd nie gemaklik met sosiale kontak na buite nie. Sy neig dus om aspekte uit haar ouerhuis byvoorbeeld "vermyding van sosiale kontak" in haar eie huwelik voort te sit. Konflikhantering is volgens beide huweliksmaats nie heeltemal bevredigend nie. 'n Moontlik verklaring hiervoor is dat 2a sy persepsie hiervan skoei op die opbouende konstruktiewe konflikhantering in sy gesin van herkoms en 2b haar hantering van konflik grond op die minder goeie voorbeeld wat sy in haar gesin van herkoms waargeneem het. Dit word voorts bevestig deur haar konflikvermyding en stilstuipes soos getoon in Grafiek 5.2.2

- Beide proefpersone meld dat hulle huweliksverwagting wel geskoei is op persepsies ten opsigte van hulle gesinne van herkoms.


## Grafiek 5.2.1




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

## Grafiek 5.2.2




## Tabel 5.3

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 3 A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>Beide proefpersone is oudste kinders wat moontlik daarop dui dat beide oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat hy/sy moontlik dominerend kan wees.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**3a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel beleef is. Die atmosfeer in sy ouerhuis was ontspanne. Hy meld voorts dat sy pa afwesig beleef is.<br>**3b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers ontspanne, liefdevol en dat daar kameraadskap tussen hulle was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was ontspanne, tog pynlik netjies.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**3a:** Volgens proefpersoon 3a was kommunikasie in sy ouerhuis redelik gemaklik en kon hy probleme met sy ma bespreek. Konflik is hanteer deur stilstuipes.<br>**3b:** Volgens proefpersoon 3b was kommunikasie in haar ouerhuis redelik gemaklik. Konflik is hanteer deur stilstuipes, manipulering en ontwyking.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>**3a:** Dui aan dat sy ouers se huweliksverhouding wel 'n invloed op sy eie huwelik het deurdat hy uit hulle foute geleer het en dit nie in sy eie huweliksverhouding wil toepas nie.<br>**3b:** Dui aan dat haar ouers se huweliksverhouding haar huweliksverwagting beïnvloed deurdat sy in haar huweliksverhouding probleme wil uitstryk voordat dit berge raak. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar blyk beide proefpersone die kommunikasie in hulle huweliksverhouding konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering kan volgens 3a as "redelik goed" bestempel word. Hierteenoor dui 3b aan dat sy die kommunikasie in hulle huwelik positief ervaar maar konflikhantering ook as "redelik goed". Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof beide die minder goeie konflikhanteringstegnieke in hul ouerhuise waargeneem het en daarna streef om dit anders te hanteer. Dit blyk egter asof 3a steeds die emosionele afwesigheid van sy pa in sy eie huwelik voortsit. Genoemde bewering word gemaak op grond van sy erkenning dat hy konflik vermy, dinge nie deurpraat nie en soms |

konflik hanteer deur stipstuipes. 3b daarteenoor beweer dat sy probleme wil uitstryk voordat dit berge raak maar neig ook daarna om konflik te vermy of te hanteer deur stilstuipes. In beide 3a en 3b se geval is dit presies wat in hul ouerhuise plaasgevind het.


- Beide proefpersone meld dat hulle huweliksverwagting wel geskoei is op persepsies ten opsigte van hulle gesinne van herkoms.

## Grafiek 5.3.1




| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

## Grafiek 5.3.2




## Tabel 5.4

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 4A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>Beide 4a en 4b is middel kinders. Alpaslan (1994:28) beweer dat middelste kinders dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en dat hul aandagsoekerig mag voorkom.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**4a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was gemaklik alhoewel sy pa as afwesig beleef is.<br>**4b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers gespanne en verwyderd was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gespanne.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**4a:** Volgens proefpersoon 4a was kommunikasie in sy ouerhuis gemaklik en spontaan. Konflik is egter minder goed hanteer deurdat sy pa manipulerend opgetree het.<br>**4b:** Volgens proefpersoon 4b was kommunikasie in haar ouerhuis beperk tot die noodsaaklikste. Konflik is hanteer deur stilstuipes, onvleiende taalgebruik en manipulasie deur haar ma.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>**4a:** Dui aan dat sy ouers se huweliksverhouding wel 'n invloed op sy eie huwelik het deurdat hy geleer het uit hul foute en dit anders wil hanteer.<br>**4b:** Dui aan dat haar ouers se huweliksverhouding haar huweliksverwagting beïnvloed deurdat sy nie dieselfde huwelik as haar ouers wil hê nie. Sy wil poog om meer liefdevol en ontspanne te wees. 4a dui aan dat sy vrou soms dieselfde gedrag as haar ouers in hulle huweliksverhouding openbaar. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar blyk proefpersoon 4a die kommunikasie in hulle huweliksverhouding redelik konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering kan volgens hom as "redelik goed" bestempel word. Hierteenoor dui 4b aan dat sy die kommunikasie in hulle huwelik positief ervaar maar konflikhantering ook as "redelik goed". Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die van die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof beide proefpersone neig om die konflikhanteringspatrone in hulle gesinne van herkoms te herhaal. 4a blyk konflik te vermy en dat hy dit slegs soms maklik vind om alledaagse gebeure te kommunikeer. 4b toon aan dat sy soms ook, soos haar |

ouers, onvleiende taal gebruik in haar konflikhantering. Beide laat blyk dat hulle stilstuipe vermy wat 'n probleem in hulle ouerhuise was. Dit wil voorts voorkom asof hulle beide oor 'n redelik tot minder goeie sosiale selfkonsep beskik wat strook met Alpaslan (1994:28) se verklaring vir middelkinders. Dit wil dus voorkom dat alhoewel beide aangedui het dat hulle nie die foute in hul ouerhuise wil herhaal nie, hulle inderdaad dit doen.

- Beide proefpersone meld dat hulle huweliksverwagting wel geskoei is op persepsies ten opsigte van hulle gesinne van herkoms.


## Grafiek 5.4.1




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

## Grafiek 5.4.2



## Tabel 5.5

**BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 5A EN B**

**1. Huwelikstevredenheid:**

Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.

**2. Posisie in die gesin van herkoms:**

**5a:** Oudste kind wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat hy oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat hy/sy moontlik dominerend kan wees

**5b:** Jongste kind: Volgens Alpaslan (1994:28) blyk jongste kinders soms afhanklike gedrag te openbaar en verkies hulle 'n dominerende verhouding. Hulle blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid.

**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**

**5a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel en liefdevol was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was gemaklik, ontspanne en deur roetine gekenmerk.

**5b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers gespanne en verwyderd was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gespanne.

**4. Kommunikasie en konflikhantering:**

**5a:** Volgens proefpersoon 5a was kommunikasie in sy ouerhuis gemaklik en spontaan en kon hulle emosies met mekaar deel. Konflik is baie goed hanteer.

**5b:** Volgens proefpersoon 5b was kommunikasie in haar ouerhuis beperk tot die noodsaaklikste en het haar ma manipulerend opgetree.

**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**

Beide proefpersone dui aan dat hulle ouers se huweliksverhouding wel 'n invloed op hulle eie huwelik het.


**GEVOLGTREKKING:**

- In vergelyking met mekaar blyk beide proefpersone die kommunikasie in hulle huweliksverhouding redelik konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering word deur beide as "redelik goed" bestempel. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof 5a wie se gesin van herkoms se kommunikasie gemaklik was en konflik goed hanteer is, sy eie huwelik daarvolgens meet en minder positief ervaar. 5b daarteenoor se gesin van herkoms het slegs die nodigste met mekaar gekommunikeer en konflik is nie goed hanteer nie. Dit wil dus voorkom asof beide meer verwag van hulle kommunikasie en konflikhantering. 5a se persepsie van hulle kommunikasie en konflikhantering vergelyk waarskynlik minder

gunstig met die van sy ouers. 5b daarteenoor skoei haar verwysing van kommunikasie en konflikhantering waarskynlik op die van haar ouers en sy maak dieselfe "foute"deurdat sy nie altyd dinge deurpraat nie, slegs somtyds oor minder aangename dinge met haar maat kommunikeer, sy konflik deur stilstuipe hanteer en soms onvleiende taal gebruik in haar konflikhantering. Dit wil voorts voorkom asof beide meer liefdesbetuiging in hulle huwelik verlang, 5a vanuit sy persepsie van warmte en liefdesuitlewing en 5b vanuit haar persepsie van weinig liefdesbetuiging.

- Beide proefpersone meld dat hulle huweliksverwagting wel geskoei is op persepsies ten opsigte van hulle gesinne van herkoms.


**Grafiek 5.5.1**




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

**Grafiek 5.5.2**




## Tabel 5.6

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 6A EN B |
|---|
| **1. <u>Huwelikstevredenheid</u>:**<br>Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.<br><br>**2. <u>Posisie in die gesin van herkoms:</u>**<br>Beide 6a en 6b is middel kinders. Alpaslan (1994:28) beweer dat middelste kinders dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en dat hul aandagsoekerig mag voorkom.<br><br>**3 <u>Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:</u>**<br>**6a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers sonder spanning alhoewel nie liefdevol was nie. Elkeen in sy gesin van herkoms het gemaak wat hy/sy wil.<br>**6b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers stabiel, liefdevol, naby, speels was en dat daar kameraadskap tussen hulle geheers het. Die atmosfeer in haar ouerhuis was ontspanne en lighartig.<br><br>**4. <u>Kommunikasie en konflikhantering:</u>**<br>**6a:** Volgens proefpersoon 6a was kommunikasie in sy ouerhuis beperk tot die nodigste. Hy het probleme vir homself gehou. Konflik is in privaatheid hanteer.<br>**6b:** Volgens proefpersoon 6b het sy probleme vir haarself gehou. Haar ouers het volgens haar selde verskil of baklei.<br><br>**5. <u>Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding</u>**<br>Proefpersoon 6a dui aan dat sy ouers nie 'n invloed op sy huwelik het nie en dat hy sy lewe lei soos hy goeddink. 6b daarteenoor dui aan dat haar ouers haar huweliksverwagting direk beïnvloed deurdat sy graag 'n huwelik soos hulle s'n wil hê. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar blyk beide proefpersone die kommunikasie in hulle huweliksverhouding redelik konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering word deur beide as "redelik goed" bestempel. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof 6a wat uit 'n gesin van herkoms kom waar daar min gekommunikeer is, neig om genoemde patrone te herhaal. Dit blyk uit die feit dat hy aantoon dat hy soms konflik hanteer deur stilstuipes en geneig is om konflik te ontwyk. 6b daarteenoor het grootgeword in 'n liefdevolle gesin waar kameraadskap geheers het. Alhoewel sy aandui dat sy haar probleme vir haarself gehou het, blyk dit dat die atmosfeer in haar ouerhuis gemaklik en ontspanne was. Dit wil voorkom asof sy meer van die kommunikasie in haar eie huwelik verwag. Dit blyk uit 6a se |

opmerking dat sy huweliksmaat van mening is dat sy gesin van herkoms hulle huwelik beïnvloed en dat hy daaraan werk.


- 6a dui aan dat hy nie van mening is dat sy ouers se huwelik sy huweliksverwagting beïnvloed nie, alhoewel hy noem dat sy huweliksmaat oortuig is dat daar wel 'n invloed is. 6b is oortuig daarvan dat haar verwagting van haar huwelik geskoei is op haar ouers se huwelik. Sy meld voorts dat sy ook so 'n mooi huwelik wil hê.

## Grafiek 5.6.1




| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
|---|---|
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

## Grafiek 5.6.2




## Tabel 5.7

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 7A EN B |
|---|
| **1. <u>Huwelikstevredenheid:</u>**<br>Beide proefpersone het aangedui dat hulle baie tevrede met hul huweliksverhouding is.<br><br>**2. <u>Posisie in die gesin van herkoms:</u>**<br>Beide 7a en 7b is oudste kinders wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat hulle oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat hy/sy moontlik dominerend kan wees.<br><br>**3. <u>Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:</u>**<br>**7a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel, liefdevol, naby, speels en gekenmerk deur kameraadskap was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was gemaklik ontspanne, soms ernstig en geroetineerd.<br>**7b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers gespanne en verwyderd was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gespanne, sy beskryf haar vader as afwesig en meld dat hul huishouding uitermate streng en geroetineerd was.<br><br>**4. <u>Kommunikasie en konflikhantering:</u>**<br>**7a:** Volgens proefpersoon 7a was kommunikasie in sy ouerhuis redelik goed. Konflik is privaat hanteer.<br>**7b:** Volgens proefpersoon 7b was kommunikasie in haar ouerhuis beperk tot die noodsaaklikste. Konflik is hanteer deur manipulasie en fisieke geweld hanteer.<br><br>**5. <u>Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding</u>**<br>**7a:** Dui aan dat sy ouers se huweliksverhouding nie 'n invloed op sy eie huweliksverwagting gehad het nie.<br>**7b:** Dui aan dat haar ouers se huweliksverhouding haar huweliksverwagting beïnvloed deurdat sy nie dieselfde huwelik as haar ouers wil hê nie. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar blyk proefpersoon 7a die kommunikasie in hulle huweliksverhouding as konstruktief en opbouend ervaar. Konflikhantering kan volgens hom as "redelik goed" bestempel word. 7b dui aan dat sy die kommunikasie asook konflikhantering bevredigend ervaar. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof 7a wat uit 'n gesin van herkoms kom waar kommunikasie en konflikhantering sonder komplikasies geskied het, dieselfde verwagting van sy huweliskverhouding koester. Hy aanvaar waarskynlik hulle konflikhantering minder positief as 7b wat groot geword het in 'n ouerhuis waar kommunikasie tot |

die minimum beperk is en konflik destruktief hanteer is. Bogenoemde kan gestaaf word uit haar meedeling dat sy konflik hanteer deur stilstuipes en vermyding. Dit wil voorts voorkom asof 7b 'n doelbewuste poging aanwend om meer opbouende huwelikspatrone in haar eie huwelik te bewerkstellig.

- 7a is nie van mening dat sy ouers se huwelik sy huweliksverwagting beïnvloed nie. 7b is oortuig daarvan dat haar ouers se huwelik haar huweliksverwagting beïnvloed. Sy dui aan dat sy hoegenaamd nie 'n huwelik soos hulle huwelik wil hê nie.


## Grafiek 5.7.1




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

## Grafiek 5.7.2




## Tabel 5.8

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 8A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Proefpersoon 8a dui aan dat hy baie tevrede is met sy huweliksverhouding teenoor 8b wat aantoon dat sy redelik tevrede is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>8a is die oudste kind in sy gesin van herkoms wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat hy waarskynlik oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat hy moontlik dominerend kan wees. 8b is 'n middelkind. Alpaslan (1994:28) beweer dat middelste kinders dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en dat hul aandagsoekerig mag voorkom.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**8a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel was. Sy gesin van herkoms was hoofsaaklik roetine gebonde.<br>**8b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers stabiel, sonder spanning maar nie liefdevol was nie. Die atmosfeer in haar ouerhuis was lighartig en geroetineerd.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>Beide 8a en 8b dui aan dat kommunikasie bevredigend en konflikhantering in hulle ouerhuise redelik goed hanteer is.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>Beide proefpersone dui aan dat hulle ouers se huwelike 'n invloed op hulle huweliksverwagting gehad het. 8a meld dat jy nie 'n huwelik soos sy ouers se huwelik wil hê nie en 8b dui aan dat sy graag meer betrokke by haar maat wil wees. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ In vergelyking met mekaar blyk beide proefpersone die kommunikasie in hulle huweliksverhouding redelik konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering word deur beide as "redelik goed" bestempel. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die van betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof proefpersoon 8a 'n doelbewuste poging aanwend om anders as sy ouers in sy huwelik op te tree. Dit blyk uit sy pogings om hulle kommunikasie te verbeter. Dit wil egter voorkom asof van die patrone in sy ouershuis hulself in sy eie huwelik herhaal. Enkele voorbeelde hiervan sluit onder andere in; sy konflikvermyding, deurpraat van sake asook sy |

meedeling dat hy slegs soms dit maklik vind om oor onaangename dinge met sy vrou te gesels. 8b het aangetoon dat sy meer betrokke by haar maat wil wees en ervaar hulle huwelik nie so positief as haar maat nie. Dit blyk voorts dat sy ten spyte van haar voorneme nie altyd so liefdevol optree as wat sy sou wou nie, sy geneig is om konflik deur stilstuipes te hanteer en nie altyd dinge in hulle huwelik deurpraat nie. Dit wil dus voorkom asof sy, soos haar maat, onbewustelik dieselfde patrone as in hulle gesin van herkoms herhaal.

- Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers.


**Grafiek 5.8.1**




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

**Grafiek 5.8.2**



## Tabel 5.9

**BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 9A EN B**

1. **Huwelikstevredenheid:**

Beide proefpersone dui aan dat hulle nie baie tevrede met hulle huweliksverhouding is nie.

2. **Posisie in die gesin van herkoms:**

Beide proefpersone is 'n middelkinders. Alpaslan (1994:28) beweer dat middelste kinders dikwels minderwaardigheidsgevoelens ervaar en dat hul aandagsoekerig mag voorkom.

3. **Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**

**9a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was ontspanne.

**9b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers spanningsvol was.

4. **Kommunikasie en konflikhantering:**

**9a:** Dui aan dat die kommunikasie tussen sy ouers glad nie goed was nie en konflik is in privaatheid hanteer.

**9b:** Dui aan dat die kommunikasie tussen haar ouers redelik goed was maar dat haar pa konflik ontwyk het.

5. **Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**


Proefpersoon 9a ontken dat sy ouers se huwelik 'n invloed op sy verwagting van 'n eie huwelik gehad het en meld dat hy 'n totale anderse huwelik het. 9b erken dat haar ouers se huwelik wel 'n rol in haar *verwagting* van 'n eie huwelik gehad het.

**GEVOLGTREKKING:**

- In vergelyking met mekaar blyk beide proefpersone die kommunikasie in hulle huweliksverhouding as minder konstruktief en opbouend te ervaar. Konflikhantering word deur beide minder goed bestempel. Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof proefpersoon 9a wat aandui dat hy 'n totaal anderse huwelik as die van sy ouers het, tog heelparty patrone herhaal, by voorbeeld vermyding van sosiale kontak, deurpraat van sake, aanspreek van minder aangename dinge en sy nie-liefdevolle optrede. Hy blyk afwesig te wees in sy huwelik deurdat hy konflik vermy of te hanteer deur stilstuipes. 9b dui ook aan dat sy nie werklik liefdevol optree teenoor haar maat nie asook dat kommunikasie nie na wense is nie. Patrone van die gesin van herkoms blyk hulself in die huidige huwelik te herhaal.
- Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers. Alhoewel proefpersoon 9a aandui dat sy verwagting nie op

sy ouers se huwelik geskoei is nie, meld hy dat sy maat dikwels verwys na sy gesin van herkoms en die ooreenstemming van sy optrede met die van hulle. Dit wil dus voorkom dat hy onbewustelik hierdie patrone herhaal. 9b erken dat haar konflikhantering en kommunikasie-patrone baie ooreenstem met die van haar moeder.


**Grafiek 5.9.1**




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |

**Grafiek 5.9.2**




## Tabel 5.10

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 10A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone dui aan dat hulle baie tevrede met hulle huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>10a is die jongste kind. Volgens Alpaslan (1994:28) blyk jongste kinders soms afhanklike gedrag te openbaar en verkies hulle 'n dominerende verhouding. Hulle blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid.<br>10b is die oudste wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy waarskynlik oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat sy moontlik dominerend kan wees.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**10a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel en liefdevol was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was afwisselend ernstig en ontspanne. Hy dui voorts aan dat sy ouerhuis netjies was.<br>**10b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers spanningsvol en verwyderd was. Die atmosfeer in haar ouerhuis was gespanne en netjies.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**10a:** Dui aan dat die kommunikasie tussen sy ouers baie goed was en konflik is in privaatheid hanteer.<br>**10b:** Dui aan dat die kommunikasie tussen haar ouers glad nie goed was nie en dat konflik hanteer is deur stilstuipes en manipulasie deur haar moeder.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>Beide proefpersone meld dat hulle ouers wel 'n aandeel in die vorming van huweliksverwagting ten opsigte van 'n eie huwelik gehad het. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ Proefpersoon 10a dui aan dat hy die kommunikasie in hulle huwelik positief ervaar en konflikhantering redelik goed. Proefpersoon 10b dui egter aan dat sy kommunikasie tussen hulle as redelik goed bestempel terwyl sy van mening is dat hulle konflikhantering nie na wense is nie.<br>➢ Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die van betrokke gesin van herkoms vergelyk. Op grond hiervan wil dit voorkom asof proefpersoon 10a wie se ouers se kommunikasiepatrone opbouend was, poog om hulle voorbeeld na te volg. Hy toon aan dat hy maklik kommunikeer met sy maat, nie konflik ontwyk nie en altyd sake deurpraat. Dit wil egter voorkom asof 10b hulle kommunikasie as minder goed bestempel. 'n |

Waarskynlike rede hiervoor is dat sy poog om 'n totaal anderse huwelik as haar ouers te hê en die poging van haar huweliksmaat as nie-voldoende ervaar aangesien haar verwagting so groot is. Dit wil voorts voorkom asof sy 'n doelbewuste poging aanwend om aspekte anders te hanteer as haar ouers. Dit blyk uit haar sosiale interaksie, hantering van konflik in privaatheid asook haar liefdevolle optrede teenoor haar maat. Daar is egter patrone van haar ouers wat hulself in haar huwelik herhaal, by voorbeeld vermyding van konflik en stilstuipes.

➤ Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers. Proefpersoon 10a dui voorts aan dat hy sy vader se leierskap in hulle huwelik navolg. 10b dui aan dat sy 'n doelbewuste poging aanwend om nie konflik deur stilstuipes te hanteer nie.


## Grafiek 5.10.1




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |


## Grafiek 5.10.2



## Tabel 5.11

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 11A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:** Beide proefpersone dui aan dat hulle baie tevrede met hulle huweliksverhouding is. <br><br> **2. Posisie in die gesin van herkoms:** 11a is die jongste kind. Volgens Alpaslan (1994:28) blyk jongste kinders soms afhanklike gedrag te openbaar en verkies hulle 'n dominerende verhouding. Hulle blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid. 11b is 'n middelkind wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy moontlik minderwaardigheidsgevoelens kan ervaar en/of aandagsoekerig mag voorkom. <br><br> **3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:** Beide proefpersone het sonder 'n huweliksmodel grootgeword aangesien 11a se ouers geskei is toe hy twee jaar oud was. Sy moeder het nie hertrou nie en hy het in armoedige omstandighede grootgeword. 11b se moeder is oorlede toe sy twaalf jaar oud was en sy is deur haar vader en die bediende versorg. <br><br> **4. Kommunikasie en konflikhantering:** **11b:** Dui aan dat die kommunikasie tussen haar ouers gemaklik was. <br><br> **5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding** Proefpersoon 11a dui aan dat alhoewel hy nie 'n voorbeeld ten opsigte van huweliksvoorlewing gehad het nie, hy op God staatmaak om sy huwelik te rig. 11b is van mening dat haar ouers wel 'n invloed gehad het op haar huweliksverwagting. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ Beide proefpersone dui aan dat hulle kommunikasie na wense is en dat konflik minder goed hanteer word. Aspekte wat moontlik hiervoor verantwoordelik kan wees sluit die volgende in; stilstuipes en moontlike konflikvermyding. <br> ➢ In hierdie unieke geval is daar dus slegs sprake van huweliksverwagting geskoei op gesin van herkoms sover dit proefpersoon 11b aangaan. Alhoewel proefpersoon 11b wel vir 'n kort rukkie beide haar ouers gehad het, toon sy aan dat hulle haar huweliksverwagting beïnvloed het. Dit wil dus voorkom asof daar wel van vroeë oordrag sprake kan wees. |


## Grafiek 5.11.1




## Grafiek 5.11.2

Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | *Liefdevolle optrede* |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | *Kommunikeer maklik oor* sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |




## Tabel 5.12

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 12A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone dui aan dat hulle baie tevrede met hulle huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>12a is die oudste wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy waarskynlik oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat sy moontlik dominerend kan wees.<br>12b is die jongste kind. Volgens Alpaslan (1994:28) blyk jongste kinders soms afhanklike gedrag te openbaar en verkies hulle 'n dominerende verhouding. Hulle blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**12a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel was. Hulle verhouding is voorts gekenmerk deur kameraadskap. Die atmosfeer in sy ouerhuis was afwisselend ernstig en lighartig. Hy dui voorts aan dat hy sy vader afwesig beleef het.<br>**12b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers stabiel, liefdevol en gekenmerk deur kameraadskap was. Sy beskryf die algemene atmosfeer in haar ouershuis as netjies en geroetineerd.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>Beide proefpersone dui aan dat die kommunikasie tussen die onderskeie ouerpare afsonderlik opbouend en konstruktief was. Konflik is in beide gevalle in privaatheid hanteer.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>Proefpersoon 12a is van mening dat sy ouers nie sy huweliksverwagting beïnvloed het nie. 12b daarteenoor is wel van mening dat haar huweliksverwagting geskoei is op haar belewing van haar ouers se huwelik. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesinne van herkoms vergelyk. Alhoewel 12a aantoon dat sy ouers nie 'n invloed het op sy huwelik nie, is daar wel ooreenkomste in huwelikspatrone tussen sy gesin van herkoms en sy huwelik. Aspekte byvoorbeeld deurpraat van sake en stilstuipes is 'n voortsetting van kommunikasiepatrone in sy eie huwelik. Volgens 'n vraag oor huweliksverwagtinge wat nie gerealiseer het nie, dui 12baan dat sy graag 'n lewensmaat wou hê wat leiding neem. Dit wil dus voorkom asof 12a se ouers wel sekere aspekte van sy huwelik gevorm het by voorbeeld 'n afwesige vader. 12b dui aan dat haar ouers haar huweliksverwagting beïnvloed. Dit word bewys deur die feit dat sy heelwat huwelikspatrone van haar gesin van herkoms in haar eie |

huwelik herhaal. So byvoorbeeld hanteer sy nie konflik deur stilstuipe nie, gebruik sy nie onvleiende taal tydens rusies nie en tree sy liefdevol op.

- Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers


**Grafiek 5.12.1**




Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |


**Grafiek 5.12.2**



## Tabel 5.13

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 13A EN B |
|---|
| **1. Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone dui aan dat hulle baie tevrede met hulle huweliksverhouding is.<br><br>**2. Posisie in die gesin van herkoms:**<br>13a is 'n middelkind wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy moontlik minderwaardigheidsgevoelens kan ervaar en/of aandagsoekerig mag voorkom.<br>13b is die oudste wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy waarskynlik oor 'n rigiede waardestelsel beskik, sterk gewetensvorming het, moontlike verwerping kon beleef het tydens die geboorte van 'n volgende kind, asook dat sy moontlik dominerend kan wees.<br><br>**3. Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**13a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel en speels was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was ontspanne geroetineerd en netjies.<br>**13b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers gespanne was.<br><br>**4. Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**13a:** Beskryf die kommunikasie tussen sy ouers as bevredigend en konflik is volgens hom in privaatheid hanteer.<br>**13b:** Het die kommunikasie tussen haar ouers as destruktief beleef en konflik is hanteer deur onvleiende taal te gebruik.<br><br>**5. Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>Beide proefpersone is van mening dat hulle ouers hulle huweliksverwagting beïnvloed het. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Beide beskou kommunikasie en konflikhantering as redelik goed. 13b het waarskynlik 'n hoër verwagting hieroor gekoester as wat gerealiseer het aangesien die kommunikasie en konflikhantering in sy gesin van herkoms sonder probleme verloop het. 13b het egter grootgeword in 'n gesin waar hierdie aspekte minder goed hanteer is. Dit blyk duidelik uit haar stilstuipes, vermyding van konflik, onvermoë om oor onaangename dinge met haar maat te gesels asook die feit dat sy nie altyd sake deurpraat nie. Haar gesin van herkoms het dus, alhoewel sy aantoon dat sy nie dieselfde huwelik as haar ouers wil hê nie, onbewustelik dieselfde patrone oorgedra na haar eie huwelik.<br>➢ Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers |


## Grafiek 5.13.1




## Grafiek 5.13.2

Spesifieke aspek


| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |



## Tabel 5.14

| BYKOMENDE INLIGTING: PROEFPERSONE: 14A EN B |
|---|
| 1. **Huwelikstevredenheid:**<br>Beide proefpersone dui aan dat hulle baie tevrede met hulle huweliksverhouding is.<br><br>2. **Posisie in die gesin van herkoms:**<br>14a is 'n middelkind wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy moontlik minderwaardigheidsgevoelens kan ervaar en/of aandagsoekerig mag voorkom.<br>14b is die jongste wat volgens Alpaslan (1994:28) daarop dui dat sy waarskynlik soms afhanklike gedrag kan openbaar en 'n dominerende verhouding verkies. Jongste kinders blyk voorts goeie maats te wees en beskik gewoonlik oor 'n aangename persoonlikheid.<br><br>3. **Verhouding tussen ouers asook algemene atmosfeer in ouerhuis:**<br>**14a:** Meld dat die verhouding tussen sy ouers stabiel en liefdevol was. Die atmosfeer in sy ouerhuis was ontspanne.<br>**14b:** Meld dat die verhouding tussen haar ouers stabiel was en die atmosfeer in haar ouerhuis ook ontspanne.<br><br>4. **Kommunikasie en konflikhantering:**<br>**14a:** Beskryf die kommunikasie tussen sy ouers as bevredigend en konflik is volgens hom in privaatheid hanteer. Hy dui voorts aan dat sy vader konflik vermy het.<br>**14b:** Het die kommunikasie tussen haar ouers as redelik konstuktief beleef en konflik is hanteer deur manipulasie en vermyding deur haar moeder.<br><br>5. **Die invloed van die gesin van herkoms op die huweliksverhouding**<br>Beide proefpersone is van mening dat hulle ouers hulle huweliksverwagting beïnvloed het. |
| **GEVOLGTREKKING:** |
| ➢ Die navorser is van mening dat beide proefpersone hulle huweliksverhouding met die betrokke gesin van herkoms vergelyk. Beide beskou kommunikasie en konflikhantering as redelik goed. 14b is van mening dat haar ouers 'n defnitiewe invloed op haar huweliksverwaging gehad het. Sy dui aan sy konflik op dieselfde wyse as haar ouers hanteer en spandabelrig is met geld. Haar maat bevestig genoemde stelling. 14a is ook van mening dat sy gesin van herkoms 'n invloed op sy huwelik het. Volgens hom dra hy die positiewe aspekte van hulle af in sy eie huwelik oor. Dit wil egter voorkom asof daar ook negatiewe oordrag voorgekom het daarin dat hy, net soos sy vader, geneig is om konflik te ontwyk en soms deur stilstuipes hanteer.<br>➢ Dit wil dus voorkom asof beide proefpersone se verwagtinge van 'n eie huwelik wel beïnvloed is deur die huwelike van hulle ouers |


## Grafiek 5.14.1




## Grafiek 5.14.2

Spesifieke aspek

| | |
|---|---|
| SHV | Stabiele huweliksverhouding |
| LO | Liefdevolle optrede |
| KHP | Konflikhantering: privaat |
| KHOT | Konflikhantering: onvleiende taal |
| KHFG | Konflikhantering: fisieke geweld |
| KHS | Konflikhantering: stilstuipe |
| VK | Vermy konflik |
| DP | Deurpraat |
| KSG | Kommunikeer maklik oor sensitiewe gebeure |
| KAG | Kommunikeer oor alledaagse gebeure |
| SK | Sosiale kontak |



## 5.4 ALGEMENE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

In Diagram 5.15 word 'n vergelyking van alle proefpersone ten opsigte van die verskillende aspekte verskaf.

Die volgende bevindinge blyk uit die bogenoemde vergelyking:

- In 100% van die gevalle het die betrokke gesin van herkoms 'n invloed gehad (hetsy positief of negatief) op die huweliksverwagting van pare.


- 68% van die proefpersone het aangedui dat daar 'n ooreenkoms is tussen die kommunikasiepatrone van hulle huwelik en die betrokke gesin van herkoms.

- In 75% van die gevalle is 'n ooreenkoms gevind tussen die konflikpatrone van die gesin van herkoms en die huidige huweliksverhouding.

- 50% van die proefpersone het aangedui dat hulle sosiale selfkonsep ooreenstem met die van hul ouers.

**Diagram 5.15**

**Vergelyking Van Alle Proefpersone Ten Opsigte Van Die Verskillende Aspekte Van Die Huwelik**




## 5.5 SLOT

Die empiriese studie het daarop gedui dat die meetinstrument 'n geskikte verkenningsmiddel vir die terapeut is om huweliksverwagting soos beïnvloed deur die gesin van herkoms te verken.

Dit wil dus voorkom asof kinders die huwelikspatrone van hul ouers waarneem en internaliseer en dit wel 'n invloed (hetsy positief of negatief) het op die eise wat gestel word in 'n eie huwelik later. Al het sommige proefpersone die invloed van die betrokke gesin van herkoms ontken, blyk dit dat daar beslis oordrag plaasgevind het na 'n eie huwelik.

In Hoofstuk 6 sal die navorser 'n volledige samevatting verskaf oor bevindinge en aanbeveling vir verdere studie maak.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die navorser het waargeneem dat huwelikspare aanpassingsprobleme ervaar wat moontlik hulle oorsprong kan hê in huweliksverwagting. Op grond van hierdie probleem is die navorsing onderneem. Die studie is voorts geloods om die moontlikheid van vroeë kinderpersepsies ten opsigte van ouers se huwelike en die invloed daarvan op huweliksverwagting te ondersoek. In Hoofstuk 4 is die navorsingsontwerp uiteengesit en in Hoofstuk 5 die navorsingsresultate.

## 6.2 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE


In Hoofstuk 2 het die navorser 'n literatuurstudie gedoen oor vroeë kinderpersepsies asook hoe dit sy verwysingsraamwerk vorm. Daar is ook gefokus op die ontstaan van verskillende identiteite op grond van genoemde verwysingsraamwerk.

In Hoofstuk 3 is 'n literatuurstudie gedoen oor die ontstaan van 'n geïnternaliseerde huwelik op grond van verskillende identiteite asook die invloed daarvan op huweliksverwagting.

Die navorser het die literatuurstudies van Hoofstuk 2 en 3 met behulp van 'n diagram skematies voorgestel. (Diagram 6.1) Bevindinge word vervolgens bespreek.

**Diagram 6.1**

**Huweliksverwagting Gegrond Op Die Gesin Van Herkoms**




## 6.2.1 Die Vorming Van 'n Verwysingsraamwerk

Die kind se welstand en ontwikkeling kan nie losgemaak word van sy omgewing nie. Om sin te maak uit sy leefwêrel fokus die kind op die primêre versorgers in sy lewe, naamlik sy ouers. Kinders is nougesette waarnemers van hulle ouers se gedrag. Hulle is voortdurend besig om "reëls" neer te lê om geluk te verseker. Hierdie reëls word neergelê op grond van dit wat hulle waarneem (persepsies) – Bandura (1963:48).

Alhoewel kinders namate hulle ouer word instaat is om meer abstrak te redeneer, behou hulle steeds die oorspronklike verwysingsraamwerk gegrond op vroeë persepsies. Nuwe inligting word bloot geïnkorporeer by die bestaande.

Vanuit die verwysingsraamwerk ontwikkel identiteite. Volgens Erickson se teorie (in Louw, 1991:61) word die kind tydens elke ontwikkelingsfase gekonfronteer met 'n identiteitskrisis – twee teenoorgestelde pole waarvolgens hy homself moet oriënteer derhalwe 'n bepaalde identiteit te vorm.

Die gesin van herkoms oefen 'n bepalende invloed op die vorming van identiteite uit. Gerson *et al.* (1993:341-354) beskryf ses identiteite wat die kind vorm deur waarneming van sy gesin van herkoms naamlik; hanteringsidentiteit, gemodeleerde identiteit, rolidentiteit, definisie-identiteit, omgekeerde identiteit en lojaliteitsidentiteit. Hierdie identiteite ontwikkel bewustelik (persepsies) of onbewustelik (predisposisies) en beïnvloed alle verhoudinge wat 'n persoon later aanknoop.

### 6.2.2 <u>Die Ontstaan Van 'n Geïnternaliseerde Huwelik Op Grond Van Identiteite</u>

Net soos wat die kind wil sin maak uit sy leefwêreld deur na sy ouers te kyk, neem hy die huweliksverhouding van sy ouers waar. Hy leer hoe die huwelik werk, hoe huweliksmaats met mekaar kommunikeer, hoe hulle konflik hanteer, watter rol deur watter maat vervul word en vorm derhalwe 'n "prentjie" van hoe 'n huwelik behoort te lyk.

Die gesin van herkoms is die eerste repeteringsgeleentheid ter voorbereiding tot volwassenheid. Die gesin voorsien die raamwerk waardeur gedrag beoordeel word. Geboorteorde het volgens Alpaslan (1994:28-29) 'n bepalende invloed op karaktereienskappe, gedrag en die sluit van betekenisvolle verhoudinge.

Ten einde tot liefde vir ander te kom, moet 'n persoon homself eers liefkry deurdat hy homself ken en homself aanvaar. Minderwaardigheid asook meerderwaardigheid blokkeer kommunikasie. Kommunikasie blyk voorts 'n direkte oorsaak-gevolg verband met huweliksgeluk te hê. Konflikhantering het positiewe sowel as negatiewe waarde. Indien konflik onopgelos gelaat word, kortwiek dit

huweliksgeluk. Die wyse waarop konflik hanteer word, blyk 'n defnitiewe invloed op die kind se emosionaliteit te hê.

Uit bo genoemde aspekte ontwikkel verskillende identiteite. Hierdie identiteite word bewustelik (op grond van persepsies) of onbewustelik (op grond van predisposisies) gevorm. Hierdie identiteite word geïnternaliseer. 'n Interne huwelik kom dus tot stand. Hierdie interne huwelik bepaal met watter verwagtings (realisties of onrealisties) huweliksmaats die huwelik betree.

## 6.3 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE STUDIE

Bevindinge uit die literatuurstudie het die behoefte aan insig ten opsigte van huweliksverwagting uitgewys. Indien huweliksmaats weet hoe hulle interne huwelik en gevolglik hulle huweliksverwagting lyk, kan dit lei tot selfinsig en die identifisering van realistiese en onrealistiese verwagtinge. Dit is voorts insiggewend om die invloed van die gesin van herkoms in genoemde verwagtinge te bepaal. Hierdeur kan moontlike konflikareas betyds geïdentifiseer word ten einde huweliksaanpassingsprobleme tot die minimum te beperk. Dit blyk voorts uit genoemde studie dat huweliksmaats neig om huwelikspatrone van hulle gesin van herkoms in 'n eie huwelik te herhaal selfs al word invloed deur gesin van herkoms ontken. Uit die ondersoek blyk dit dat die *Vraelys met betrekking tot huweliksverwagting* 'n nuttige hulpmiddel in terapie kan wees.

### 6.3.1 Die Meetinstrument

'n Meetinstrument, *Vraelys met berekking tot huweliksverwagting* (sien paragraaf 4.4) is met behulp van vraelyste van Alpaslan (1994) saamgestel. Die doel van die vraelys was om 'n meetinstrument daar te stel wat die terapeut kan gebruik ter identifisering van huweliksprobleme wat moontlik spruit uit aanpassingstekorte op grond van onrealistiese verwagtinge en persepsies.

### 6.3.2 Resultate Van Die Ondersoek

Die bevindinge van die ondersoek het getoon dat die gesin van herkoms wel 'n invloed uitoefen op proefpersone se huweliksverwagting, hetsy positief of negatief. Sommige proefpersone het aangedui dat hulle 'n huwelik soos hulle ouers sal wil hê, terwyl ander aangedui het dat hulle hoegenaamd nie 'n huwelik soos hulle ouers verlang nie. Hierdeur word die aanname dat die gesin van herkoms wel 'n rol speel in die vestiging van huweliksverwagting bevestig.

## 6.4 LEEMTES IN DIE STUDIE

Die navorser is van mening dat die volgende leemtes van toepassing op haar studie is:

- Indien die vraelys opgevolg kon word met persoonlike onderhoude kon waardevolle inligting geverifieer word en derhalwe 'n meer getroue beeld van elke huwelikspaar se verwagtinge verkry kon word. Anonimiteit sou egter dan nie behou kon word nie.

- Die vraelys maak nie voorsiening vir 'n vraag oor hoe lank elke huwelikspaar getroud is nie en hierdie inligting sou waardevol wees.

- Die vraelys behoort voorafgegaan te word met 'n temperamentvraelys ten einde ook hierdie belangrike komponente by resultate te inkorporeer.

- Die vraelys behoort 'n vraag te bevat oor die behoefte aan huweliksvoorbereiding.

## 6.5 BYDRAES VAN DIE STUDIE

Die navorser is van mening dat die studie die volgende bydraes tot die opvoedkundige - sielkundige studieveld gelewer het:

### 6.5.1 Bydrae Tot Vakkennis

- 'n Sintetisering van die bestaande literatuur oor vroeë kinderpersepsies is ondersoek en opgesom. (sien Tabel 1.1)

- Literatuur ten opsigte van die rol van die gesin van herkoms in die totstandkoming van identiteite is ondersoek en gesintetiseer. (Sien Diagram 2.1, 2.3, asook Tabel 2.1)

### 6.5.2 Bydrae Tot Die Praktyk

- Die navorser het haar eie Vraelys met behulp van verskeie vraelyste van Alpaslan (1994) saamgestel. Die vraelys kan met vrug gebruik word vir identifisering van huweliksverwagting geskoei op vroeë persepsies.

- Die opvoedkundige - sielkundige is op 'n indirekte wyse bewus gemaak van die aard en omvang van vroeë kinderpersepsies en die invloed daarvan op die res van hulle lewe asook huwelik.

- Die opvoedkundige - sielkundige is bewus gemaak van die invloed van die gesin van herkoms op huweliksverwagting in jong getroudes of verloofdes.

- Die vraelys kan voorts effektief gebruik word vir huweliksvoorbereiding vir pare en/of verloofdes.

## 6.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

- Die studie het nie naastenby die volle aard en omvang van huweliksverwagting aangespreek nie. Daar is nog vele aspekte hiervan wat ondersoek kan word. Huweliksaspekte by voorbeeld seksualiteit, finansies, ouerskap, beroepsbeoefening, ensovoorts is nie ondersoek nie en het moontlik ook 'n invloed op huweliksverwagting op grond van identiteitsvorming.

- 'n Voorbereidingsprogram vir pare kan met behulp van die vraelys ontwikkel word.

- 'n Terapeutiese program geskoei op die uitwissing van "vroeë besluite" en die herskryf van die "lewensverhaal" volgens die Transaksionele Analise-teorie kan ontwikkel word.

- 'n Studie kan onderneem word waar kinders betrek word ten einde hulle persepsies van hulle ouers se huwelik te ondersoek.

## 6.7 <u>SLOTGEDAGTE</u>

Dit is die navorser se oortuiging, na aanleiding van die navorsing, dat die kind se belewing van sy ouers se huwelik, 'n ingrypende rol in die bepaling van sy lewensstyl en waardesisteem kan speel.

Dit is egter nooit te laat om die bloudruknalatenskap ten opsigte van die huwelik te verander nie. Al het kinders aspekte van die huwelik waargeneem en geïnternaliseer wat berou word, besit volwassenes tog die vermoë om te diskrimineer tussen die verskillende fases waardeur die gesin van herkoms gegaan het tydens hul kinderjare.

**What thou lov'st well remains**
**The rest is dross**
**What thou lov'st well shall not be reft from thee**
**What thou lov'st well is thy true heritage**
**Whose world or mine or theirs**
**Or is it of none?**

**- Ezra Pound, Canto uit Josselson, R. (1987)**

# BIBLIOGRAFIE

Anderson, W.J. 1974. *Challenges for successful family living: a discussion of modern attitude for marriage and dating*. Minneapolis. Deneson.

Aquilino, W.S. 1987. Children's perceptions of marital interaction. *Child study journal,* 16(3):159–173.

Alpaslan, N. 1994. *Hoop en hulp vir die huwelik.* Pretoria. Kagiso Uitgewery.

Bandura, A. & Walters, R.H. 1963. *Social learning and Personality development.* New York. Holt, Rinehart and Winston.

Barnard, A. 1982. *Verryk jou huwelik.* Pretoria. Daan Retief Uitgewers.

Baron, R.A. & Byrne, D. 1991. *Social Psychology. Understanding human interaction.* Division of Simon & Schuster. Needham Heights.

Bernstein, A.C. 1986. "Stepfamilies with a mutual child. " reported in Whiteside, M.F., " Remarried Systems" in *Children in family context: Perspectives on treatment,* edited by Lee Combrick-Graham. New York. Guilford.

Boisvert, J., Ladouceur, R., Beaudry, M., Freeston, M.H., Turgeon, L., Tardif, D., Roussy, A. & Loranger, M. 1995. Perception of marital problems and of their prevention by Quebec young adults. *The journal of genetic psychology,* 156(1); 33–44.

Bullock, J.R. 1991. Parental perceptions of the family and children's peer relations. *Journal of psychology,* 125(4);419–426.

Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke.* Pretoria. UNISA.

Brody, Gene H. 1994. Family processes during adolescence as predictors of parent-young adult attitude similarity: A six-year longitudinal analysis. *Family Relations*, 43(4);369–373.

Byng-Hall, J. 1980. Symptom bearer as marital distance regulator: Clinical implications. *Family process,* 19;355–365.

Campbell, N.B., Milling, L., Laughlin, A. & Bush, E. 1993. The psychosocial climate of families with suicidal pre-adolescent children. *American journal of orthopsychiatry,* 63(1);142-145.

Carson, D. K., & Pauly, K. M., 1990. Perceptions of marriage and family life of young adults with and without histories of parental divorce. *Psychological reports,* 66;33-34.

Combrinck-Graham, L., 1989. *Children in family contexts.* Guilford Press. New York.

Corey, M.S. & Corey, G. 1993. *"Becoming a helper."* Brooks/Cole Publishing Company. California.

Cullingford, C. 1997. Parents from the point of view of their children. *Educational Review,* 49(1); 47-56.

Dobson, K.S., & Kendall, P.C. 1993. *Psychopathology and Cognition.* California. Academic Press.

Duncan, S.F., Box, G. & Silliman, B. 1996. Racial and gender effect on perceptions of marriage preparation programs among college-educated young adults. *Family relations: journal of applied family and child studies,* 45(1);80-90.

Elkind, D. 1995. The young child and the postmodern world. *Dimensions of early childhood,* 23(3);6-9,39.

Ferreira, G. 1992. *Temas in die Psigopedagogiek.* Pretoria. J.L. van Schaik.

Fincham, F. D., 1998. Child development and marital relations. *Child development,* 69(2);543–574.

Frank, S. *et al.* 1986. Psychological predictors of parents' sense of confidence and control and self – versus child focused gratifications. *Developmental psychology,* 22(4);330-338.

Framo, James. 1970. "Symptoms from a family transactional viewpoint." In *"Family therapy in transition"* edited by Nathan Ackerman. Little, Brown and Company. Boston.

Ford, D.Y. 1994. An exploration of perceptions of alternative family structures among university students. *Family relations,* 43(1);68-73.

Fuss, 1995. *"Identification Papers."* Routledge. London.

Gable, S., Crnic, K., & Belsky, J. 1994. Coparenting within the family system: influences on children's development. *Family relations,* 43;380–386.

Gerson, M. 1996. *The embedded self. A psychoanalytic guide to family therapy.* London. The analytic press.

Gerson, R., Hoffman, S., Sauls, M. & Ulrici, D. 1993. Family-of-origin frames in couples therapy . in *Journal of marital and family therapy,* 19(4);341-354.

Goodnow, J.J. 1994. Acceptable disagreement across generations. *New directions for child development,* 66;51-64.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C . 1979. *Psigologie Woordeboek.* Johannesburg. Mc Graw-Hill Boekmaatskappy.

Gray, John. 1992. *Men are from Mars, women are from Venus.* New York. Harper Collins Publishers.

Hampson, R. B., Hyman, T. L., & Beavers, W. R., 1994. Age-of-recall effects on family-of-origin ratings. *Journal of marital and family therapy,* 20(1);61-67.

Harley, W. F. 2000. *Sy behoeftes, haar behoeftes.* Vereeniging. Christelike uitgewersmaatskappy.

Harvey, M. & Byrd, M. 1998. The relationship between perceptions of self-esteem, patterns of familial attachment and family environment during early and late phases of adolescence. *International journal of adolescence and youth,* 7(2); 93–111.

Hendrick, C. & Hendrick, S. 1983. *"Liking, Loving, & Relating."* Brooks/Cole Publishing Company. California.

Henry, C.S. 1996. Adolescents' perceptions of family system characteristics, parent-adolescent qualities and adolescent empathy.

Horm-Wingerd, D.M., Groves, M.M. & Nekovei, D.L. 1992. Children from divorced and intact homes: Similarities and differences in perceptions of family. *Child Study Journal,* 22(3);185–200.

Jackson, S., Bijstra, J., Oostra, L. & Bosma, H. 1998 Adolescents' perceptions of communication with parents relative to specific aspects of relationships with parents and personal development. *Journal Of Adolescence,* 21(3);305–322.

Josselson, R. 1987. *Finding herself – pathways to identity development in women.* London. Jossey-Bass Publishers.

Knouwds, F. 2000. *Bou 'n tip-top huwelik.* Goodwood. NBD.

Kurdek, L.A., & Fine, M.A. 1993 The relation between family structure and young adolescents' appraisals of family climate and parenting behavior. *Journal of family issues,* 14(2);279–290.

Lawson, D.M. 1994. Counselor trainee early family structure and current intergenerational family relationships. *Implications for training. Family Journal,* 2(4); 330-338.

Lewis, J.M., & Owen, M.T. 1995. Stability and change in family-of-origin recollections over the first four years of parenthood. *Family Process,* 34(4): 455-465.

Louw, D.A. 1991. *Menslike Ontwikkeling.* Pretoria. HAUM.

Louw, D.A. 1995. *Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale gedrag.* Kaapstad. Nasionale Boekdrukkery.

Mc Millan, J.H. & Schumacher, S. 1997. *Research in education.* United States. Addison-Wesley Educational Publishers.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H. G. 1988. *Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl.* Lexicon. Johannesburg.

Miesner, W. W., 1986. The earliest internalizations. *Self and Object Constancy,* edited by Ruth F. Lax, Sheldon Bach and J. Alexis Burland. Guilford Press. New York.

Mol, A. 1993. *Kom ons wen saam.* Pretoria. Gutenberg Boekdrukkers.

Noller, P., Seth-Smith, M., Bouma, R. & Schweitzer, R. 1992. Parent and adolescent perceptions of family functioning: A comparison of clinic and non-clinic families. *Journal-of adolescence*, 15(2);101–114.

Nicol, J. 1992. *Naak en naby.* Pretoria. Gutenberg Boekdrukkers.

Necessary, J.R., & Parish, T.S., 1996. Relationships between college students' perceptions of their family members and how they interact with one another. *Adolescence,* 31(123);747–750.

Parish, T.S. & Necessary, J.R. 1995. Parents' actions: Are related to children's self-concepts, evaluations of parents and to each other. *Adolescence*, 29(116);943 – 947.

Palmer & Gaylon 1982. Who are we, and why have we changed? *Transactional Analysis Journal*, 12(2);127–128.

Retief, Y. 1999. *Lag weer oor die dag wat kom.* Kaapstad. Stuik Christelike uitgewers.

Robins, L. N., Schoenberg, P., Holmes, J., Ratcliff, K.S., Benham, A., & Works, J. 1985. Early home environment and retrospective recall. *American journal of orthopsychiatry,* 55;27–41.

Rodgers, S.J. 1996. Mothers work hours and marital quality: Variations by family structure and family size. *Journal of marriage and the family,* 58(3);606-617.

Rosen, H. 1985. *Piagetian dimensions of clinical relevance.* New York. Columbia University Press.

Satir, V., & Baldwin, M. B., (1983) *Satir step by step: A guide to creating change in families.* California. Science and behavior books.

Scharff, D.E., & Scharff, J.S. 1987. *Object Relations Family Therapy.* London. Jason Aronson Inc.

Sherman, R. & Fredman, N. 1986. *"Handbook of structured techniques in marriage and family therapy."* Brunner/Mazel publishers. New York.

Siegel, J.P. 2000. *What children leam from their parents marriage.* New York. Harper Collins Publishers.

Snyder, D.K., Velasques, J.M., & Clark, B.L. 1997. Parental influence on gender and marital role attitudes: Implications for intervention. *Journal of Marital and Family Therapy,* 23(2);191-201.

Speicher, B. 1992. Adolescent moral judgement and perceptions of family interaction. *Joumal of family psychology,* 6(2);128-138.

Steil, Janice. M., 1997. *Marital equality.* California. SAGE Publications.

Strage, A.A. 1998. Family context variables and the development of selfregulation in college students. *Adolescence,* 33(129);17-31.

Van Pelt, N. L., 1982. *Die vervulde huwelik: gids tot sukses in die getroude lewe.* Kaapstad. Suider-Uitgewery.

Van Rensburg, C.J.J., Landman, W.A., & Bodenstein, H.C.A. 1994. *Basiese begrippe in die Opvoedkunde.* Halfway House. Orion.

Violet, D., Garland, T.N. & Pendleton, B.F. 1986. High school students' marital lifestyle preferences: A test of reference group theory. *Human Relations,* 39(11);1053–1066.

Waring, E. M., Tillman, M.P., Frelick, L., Russell, L., & Weisz, G. 1980. Concepts of intimacy in the general population. *Journal of nervous and mental disease,* 168(8);471-474.

Wierson, Michelle & Forehand, Rex. 1992. Family stressors and adolescent functioning: A consideration of models for early and middle adolescents. *Behavior Therapy*, 23(4);671-688.

Willets-Bloom, M. C., & Nock, S. L. 1992. The effects of childhood family structure and perceptions of parents marital happiness on familial aspirations. *Journal of divorce and remarriage,* 18(B4);3–23.